# Afdeling 2 :

# LEGENDES EN PERSOONLIKHEDE

# Afdeling 2 :
# LEGENDES EN PERSOONLIKHEDE


2.1 Dirk Postma: Van “Blikslagersknecht” tot professor en rektor

2.2 Jan Lion Cachet: Bekeerde Jood word “Regte Afrikaner”

2.3 Ferdinand Postma: “Die regte man, op die regte tyd!”

2.4 “Totius” : Myningenieur? ... Néé, “Onze Dichter”, professor en kanselier

2.5 “Ou Kampies” (professor Jan Kamp)

2.6 “Stormvoël op die Bult” (professor APC Duvenage)

2.7 Martha Lugtenburg: PUK se eerste damestudent

2.8 “Rabbo” Pasch : Vreeslose en joviale reus

2.9 DW (“Daantjie Donder”) Krüger

2.10 HJ (Hennie “Klipoog”) Bingle

2.11 WJ (“Wimpie”) de Klerk: “Pa van verlig en verkramp”

2.12 “Dankie Tjaart!” (Tjaart van der Walt)

2.13 André P Brink: “Die begin van veel groter dinge”

2.14 Johan Claassen: “ ‘n Sieraad vir ons voetbal”


2.15 Hans van Zyl: PUK se eie “Koos Meyer”

2.16 “Toy” Dannhauser: PUK se eie “Don Clarke”

2.17 FW de Klerk: PUK se Nobel Vredespryswenner

# 2.1 Dirk Postma

## VAN "BLIKSLAGERSKNECHT" TOT PROFESSOR EN REKTOR



Ds Dirk Postma

**Vaderloos vanaf ongeveer sy sesde jaar, het die 15-jarige Dirk Postma al as "blikslagersknecht" (assistent vir 'n soort loodgieter, of in 'n bedryf waar ysters gesmee word) sy weduweemoeder bygestaan in die versorging van die gesin. Sy naam sou later in die annale opgeteken staan as kerkstigter (Gereformeerde Kerk, 1859), dryfkrag agter die totstandkoming van die Teologiese Skool (1869), eerste dosent of "leeraar" en professor/rektor van dié inrigting. By die stigting daarvan was die gedagte aan 'n breëre akademiese opleiding reeds aanwesig en het dit vanaf 1876-77 daadwerklik vergestalting begin kry.**

Opgroeiende in 'n atmosfeer waar die gereformeerde lewensbeskouing nog hoog geag is, te midde van allerlei modernistiese geestesstrominge, was daar by die jonge Postma 'n brandende ideaal en het hy homself by wyse van privaatstudie as predikant bekwaam en speel hy reeds op vroeë ouderdom 'n leidende rol in kerklike aangeleenthede. As lid van die Christelike Afgeskeie Gereformeerde Kerk (CAGK) , wat in wese 'n uitvloeisel was van verset teen die Liberalisme van die 19de eeu en 'n terugkeer na wat bestempel is as die ware gereformeerde godsdiens, het Postma 'n aandeel gehad in die stigting van dié kerk se teologiese skool in Kampen in 1854.

Toe hy laat in die vyftigerjare deur sy kerkgenootskap na Transvaal gestuur is om ondersoek in te stel na die behoefte aan geestelike bearbeiding in die destydse Boererepubliek, het Postma sterk aanklank gevind by 'n groep kerklik-beswaardes bekend as "Doppers", waarna die Gereformeerde Kerk in 1859 met ds Postma as geestelike vader sy beslag gekry het.

Die behoefte aan opgeleide predikante, waarin tussentyds deur homself in privaathoedanigheid en selfs as "veldprediker" op sy reise tussen gemeentes voorsien is, lei daartoe dat Postma sterk ywer en flink kollekteer vir die oprigting van 'n eie teologiese skool te Burgersdorp, welke ideaal in 1869 in vervulling gaan. Dit was vanselfsprekend dat ds Dirk Postma as eerste "leeraar" aangewys sou word, en hy is bygestaan deur een van sy privaatleerlinge, ds Jan Lion Cachet. [Kyk 2.2, onder]

Postma se hoë intellektuele begaafdheid en drang tot selfstudie het vergoed vir sy gebrek aan formele akademiese opleiding en hy het hom pretensieloos met hart en siel gewy aan die groot uitdaging om so deeglik moontlike opleiding te bied aan toekomstige bedienaars van die Woord. Hy het stelselmatig ook die grond voorberei en die hoekstene gelê waarop 'n Literariese Departement in 1876/77 gevestig kon word vir die breër akademiese opleiding waaruit eventueel 'n selfstandige universiteit kon ontwikkel.

Postma sou ook toesien dat sy kinders 'n deeglike akademiese opleiding kry en dit sou meebring dat nie minder nie as drie van sy seuns mettertyd met groot onderskeiding medebouers aan die Literariese Departement geword het:

- Petrus Postma, die eerste bekleër van die literariese professoraat aan die Teologiese Skool in die tydperk 1877-1880;
- Marthinus Postma, as opvolger van broer Petrus (1880-1890), en
- Petrus Postma, wat weer Marthinus se skoene sou volstaan (1890-1897).

Geskoei op ervaringe in Nederland, het Postma hom sterk beywer vir Christelike onderwys as teenvoeter teen die liberalisme wat in neutrale onderwys geskuil het. Hy beywer hom vir die oprigting van vrye Christelike skole, sonder staatsteun, en sien dit as die taak van die ouer en nie die staat nie, om die kind op te voed. Saam met seun Marthinus het Dirk Postma ook ‘n leidende rol gespeel in die bevordering van die belange van Nederlands (Afrikaans) en was hulle prominent in die politieke bedrywighede wat in hierdie tyd rondom die taalstryd in die Kaapkolonie afgespeel het. Skoonseun Cachet het dan ook later onomwonde getuig dat die leuse van die Teologiese Skool van meet af aan “Gereformeerd en Nationaal, Gereformeerd en Afrikaansch” was. Só is die grondslae dan reeds in Postma se tyd, en deur sy bemiddeling, gelê vir die Christelike en Afrikaanse karakter van die universiteit wat later uit die boesem van die Teologiese Skool sou ontspring.

Ten spyte van vader Dirk en sy seuns se sterk ywer vir die Afrikaanse karakter van hul instelling het hulle deurentyd goeie verhoudinge met Engelstaliges en andersdenkendes gehandhaaf. Skoonseun ds JA van Rooy beskryf dit treffend: “Respek-afdwingende grysaard! – let maar op as hy op Burgersdorp, gekleed, en met sy wandelstok in die hand, haastig op sy doel af, die straat opstap en al die verbygangers se groet beleefd beantwoord. Groot of klein, wit of swart, wie het dan ook nie vir Ou Meneer geken nie? Sonder om sy pas te vertraag sien hy almal raak, haal sy pluishoed af en maak sy buiging vir iedereen. Agtenswaardige, aantreklike beleefdheid, wat voortspruit uit nederigheid van die hart.”

Dirk Postma was ‘n diep-gelowige, ywerige, opregte en nederige mens wat groot aansien in die plaaslike gemeenskap geniet het. Diep onder die besef van sy eie gebreke het hy in 1876 geweier om ‘n professoraat te aanvaar en het hy hom eers ‘n paar jaar later dié ampstitel laat geval. Sy nederige beskeidenheid het onder meer aanleiding gegee tot die verlies van ‘n uiters waardevolle bron oor die voorgeskiedenis toe hy op ‘n goeie dag in September 1873 sy persoonlike dagboek in die vuur gegooi het omdat hy dit as “eene opschrijving van eigengerechtigheid” beskou het. By sy aanvaarding van die literariese professoraat in 1890 het Stephanus Postma na sy gryse ou vader verwys as “een man der smarten”: die senior Postma het naamlik nie minder nie as vier vroue en agt kinders (van twintig) deur die dood afgegee. En tog, op sy sewentigste verjaardag verwys hy na God se groot goedertierenheid dat sy (vyfde) eggenoot en twaalf kinders nog in lewe is en groot vreugde verskaf.

Inderdaad, ‘n roemryke gesin: vyf seuns as predikante in die bediening (Petrus, Marthinus, Stephanus, Dirk en Willem), met eersgenoemde drie elk vir ‘n tydlank literariese professor; drie skoonseuns, Jan Lion Cachet, JA du Plessis en JD du Toit (Totius) sou ook as teologiese professore dien. Hierbenewens sou ook twee kleinseuns, Dirk en Ferdinand Postma, die professorale toga van die Teologiese Skool om hul skouers hang en het talle ander nasate ‘n rol gespeel in die kerklike lewe en in die geskiedenis van die Teologiese Skool en die PUK.

**“Vader” Postma verdien inderdaad die eerste posisie in die galery van PUK-legendes.**








Die drie Postma-broers, wat so ‘n groot rol gespeel het in die grondlegging van die PUK: Petrus, Marthinus en Stephanus.

# 2.2 Jan Lion Cachet

## BEKEERDE JOOD WORD "REGTE AFRIKANER"



Jan Lion Cachet

"Ons kollegekamer is die professor se studeerkamer … Meer vertroulik is die onderrig … In sy studeerkamerstoel, soms met die voete bo-op die tafel, was die professor op sy gemak. Sy pyp was altyd byderhand, soms baie verstop. Die operasie het soms minute-lank geduur. Die les het ewenwel voortgegaan. Aan sy regterkant het 'Grotto', die geliefde hond, gesluimer; by wyle was dit 'n droom waaruit vreemde geluide voortgekom het. Dit het dan aanleiding gewees tot 'n kort bespiegeling oor 'dier-sielkunde' …"

Só onthou prof JD du Toit (Totius) vir prof Jan Lion Cachet, sy "raadsman" en "leermeester".

Cachet, wat hom in 1860 op 22 jarige leeftyd vanuit Nederland in Suid-Afrika kom vestig het, het diep spore getrap in die geskiedenis van die Teologiese Skool en die Literariese Departement, waaruit die PUK ontstaan het.

Onder invloed van die Hollandse digter Isaac da Costa, self 'n bekeerde Jood, het Salomon Cachet en sy hele gesin in 1849 tot die Christendom oorgegaan. Die nou tienjarige Jan Lion het in die Christelike skool van Da Costa sy opleiding ontvang en hom as godsdiensonderwyser bekwaam. In 1860 kom Cachet na Suid-Afrika, waar hy hom onder die vaandel van die NG-Kerk op geestelike werk en onderrig in verskillende skole toespits. Weens die sterk metodistiese inslag in die NG-Kerk van destyds en omdat hy erg verlang het na "stoere Calvinisme", wend hy hom na die pasgestigte Gereformeerde Kerk en ds Dirk Postma met die ideaal om predikant te word.


Ds Dirk Postma het Cachet as student aanvaar en, met die ossewa aanvanklik meestal as studeervertrek, het Cachet teen die middel van 1968 sy studies voltooi en 'n beroep na Rustenburg aanvaar. Met die stigting van die Teologiese Skool in November 1869 is Cachet aangewys as een van die twee "leerare" van hierdie nuwe inrigting en het hy ook as tweede predikant op Burgersdorp diens gedoen.


Vanaf 1875 het Cachet weer in die bediening gestaan, totdat hy in 1891 as deeltydse en vanaf 1894 as voltydse professor in die plek van die afgestorwe professor Dirk Postma benoem is. Hy het terselfdertyd die rektorstoel van die Teologiese Skool beklee tot met sy uittrede in 1911.

Cachet was 'n baie gesiene persoonlikheid op Burgersdorp. Hy het 'n prominente rol gespeel in die stryd om handhawing van Afrikaans en die oplewing van Afrikanernasionalisme teen die einde van die 19de eeu. Hy was medestigter van die Afrikanerbond, 'n leiersfiguur in die Eerste Taalbeweging en 'n ywerige medewerker aan ds SJ du Toit en die Genootskap van Regte Afrikaners se koerantjie *Di Patriot*. Hoewel geografies baie afgesonderd dáár in die Oos-Kaapse Karoo was sy pen nie stil in sy studeerkamer nie.

Seker sy bekendste werk was *Sewe Duiwels en wat hulle gedoen het,* wat aanvanklik as artikelreeks in "Di Patriot" verskyn het en waarin hy op satiriese wyse die aanslag van die bose (die duiwels synde geld, drank, praat, spog, afguns, lieg en baasspelery) op die boeresamelewing uitbeeld. In 1964 het die bekende Afrikaanse literator AP Grové (vanselwers 'n oud-PUK) *Sewe Duiwels …* in verband gebring met die Hertzogpryswennende werk van Ettiene le Roux,

*Sewe dae by die Silbersteins* en getoon dat dit inderdaad sterk daarby aansluit: "In hierdie geliefde volksboek het die skrywer, meer as 60 jaar gelede al, die sondes opgeteken wat hy opmerk in die maatskappy … Leroux werk met moderne middele; sy wêreld het gekompliseerder geword; sy duiwels verskyn in ander




Sewe Duiwels ... (van Cachet) en Sewe Dae ... (Ettiene le Roux) sluit, volgens AP Grové, sterk by mekaar aan.

gedaantes, dra ander maskers. Maar in die grond van die saak doen hy presies wat Cachet gedoen het: hy openbaar satiries die sondes, die bose magte wat besig is, ook in ons land, om die beskawing en goeie orde te ondermyn …"

Teen 1894, toe hy voltyds in die professorale amp benoem is, was hy reeds 'n erkende kultuurleier en betekenisvolle volksfiguur. In 1896 is hy saam met mede-dosente en studente/oudstudente van die Teologiese Skool baie aktief in die beraadslaginge en besluite tydens die Eerste Taalkongres in die Paarl en lewer hy waardevolle insette oor die vertaling van die Bybel, die oprigting van 'n eie koerant *(Ons Klijntji)* en van 'n eie woordeboek.

Cachet se pro-Afrikaanse uitsprake en sy simpatie met die saak van die Boererepublieke het tot gevolg dat hy tydens die Anglo-Boereoorlog op aanklag van hoogverraad in hegtenis geneem is en ses weke in die tronk moes deurbring. Die Anglo-Boereoorlog was vir Cachet 'n traumatiese ervaring. Die skool se voortbestaan was voortdurend in die weegskaal, twee van die kuratore is ook weens hoogverraad in hegtenis geneem en student Willem de Klerk is eers gevang en in die tronk aangehou, toe na 'n naburige dorp "gedeporteer". Die ergste was egter dat sy seun Calman, 'n oudstudent, naas drie ander studente en 'n oudstudent die lewe in die gewapende stryd gelaat het. Calman se dood is egter patrioties-gelate aanvaar: "Calman is dood; maar beter so, as om te val in die hande van die vyand." [Kyk ook 1.1.2. bo]

Toe daar enkele jare na die oorlog besluit is om die Teologiese Skool na Potchefstroom te verskuif, was Cachet glad nie daarvoor lus nie en het hy probeer om minstens die teologiese komponent (predikante-opleiding) te Burgersdorp te behou, maar sonder sukses. Met die vooruitsig dat 'n replika van die woonhuis op Burgersdorp as nuwe rektorswoning te Potchefstroom opgerig sou word, het die ou grysaard sleepvoetend die oortog Transvaal toe meegemaak.



Cachet met Offisierskruis Orde van Oranje-Nassou.

Met 'n sterkgroeiende Literariese Departement is dit asof die ouerwordende Cachet geleidelik meer en meer op die agtergrond tree, met literariese professor Ferdinand Postma se ster wat al helderder skyn. Cachet neem egter steeds die strydbyl op teen verwatering van die Christelike karakter van die onderwys met die publikasie van 'n brosjure getiteld "Niet om te twisten, maar om des gewetens wil", en waarsku ook ernstig teen verwikkelinge op die gebied van hoër onderwys (universiteitswese) waardeur die karakter van die Potchefstroomse inrigting in die gedrang kan kom. In 1909 is hy ook stigterslid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns in Bloemfontein.

In 1909 is die "Offisierskruis in die Orde van Oranje-Nassau" deur die Nederlandse koningin aan Cachet toegeken – 'n toekenning vir verdienstelikheid teenoor die koningin, die staat of die maatskappy. Cachet ontvang dit hartlik, maar laat in sy aanvaardings-repliek geen twyfel nie: "Ik ben Afrikaner geworden en hier zal waarschijnlijk mijn graf zijn."

In Mei 1911 het Cachet formeel die tuig as professor en rektor neergelê met die boodskap van Sagaria 4 vs 10, dat die dag van kleine dinge nie vergeet moes word nie en dat die ou era verby is, 'n nuwe era betree word. In September 1912 is hy oorlede.

In Burgersdorp was hy, volgens getuienis van Ferdinand Postma na Cachet se dood, 'n "persoonlikheid" en "de vraagbak van allen", het almal hom geken: "Hij had een zeer biezondere eigenschap om zonder prijsgeving van zijn beginsels een vriend te zijn van allen. Allen vertrouwden hem hunne zaken, en men kon bij hem in de studeerkamer vinden mensen van allerlei slag en soort. Was er een of ander plan in de maak voor 't dorp, waar hij woonde, dan zag men bij hem een van de stadsvaders om zijn opinie en advies in te winnen; moest er een ernstige operatie in het dorp geschieden, dan werd er gezonden om Prof. Cachet; was er een belangrijke hofzaak aan de gang, dan konfereerden de prokureurs met hem; wilde iemand een lening maken dan moest Professor eerst zijn opinie geven en zo ging 't voort; ook zelfs personen, die een huwelik wensen aan te ganen, kwamen met hem daarover spreken … In Burgersdorp was hij de 'draadtrekker' van al het belangrijke dat er gebeurde of gedaan werd."




Cachet (omkring) saam met personeel van "Het Westen" vir wie hy gereeld bydraes gelewer het.

Met die oorskuiwery na Potchefstroom was Cachet aanvanklik uit sy diepte in die nuwe en vreemde omgewing. “Het duurde echter niet lang”, vertel Postma verder, “of men zag dat hij ook hier, hoewel onder veel moeiliker omstandigheden, dezelfde magnetiese kracht uitoefende. Heel spoedig breide zijn vriendekring zich uit en in de laatste jaren van z’n leven alhier begon men weer eerst de ‘oubaas’ te raadplegen in belangrike zaken. Het was opmerkelik, welk een levendige belangstelling hij in alle zaken stelde, zelfs nog op z’n oude dag, hoewel hij dikwels door pijnen gekweld werd. Des Zaterdags kon men hem zien wandelen naar het dorp, en overal eventjes aangaan, met deze en gene een praatje makende. ‘Groenpunt’ was hem dikwels te stil en daarom moest hij altijd ‘reisjes’ naar het dorp. In de laatste tijd ging het lopen niet meer zo gemakkelik; dat verhinderde echter niet dat hij bij zijn gewoonte bleef, en als ‘t maar enigzins kon, per rijtuig zijn gewone kuiertje deed.”

Sy opvolger, prof JD du Toit, het hom gehuldig as “een groot man … ‘n geniale man, van Zuid-Afrikaanse vermaardheid” en ‘n wegwyser, ‘n man van wysheid en takt, ‘n vriend en ‘n vader. Vir prof Ferdinand Postma was hy “die vriendelike professor” na wie elke student met vrymoedigheid kon gaan, oor welke saak ookal. Die Nederlandse konsul, Henk Altman, het op sy beurt só getuig: “Hier is heengegaan een groot Nederlander, die de eer van zijn volk heeft hooggehouden, een zoon, waarop zijn vaderland met recht trots mag zijn. Toch was hij in de volste zin des woords ook een groot Afrikaander.”

Die studente se gevoel is deur CJH de Wet, wat jare later self professor in teologie sou word, vertolk: “Doch het meest missen wij hem in de omwandeling. Daar was hij ons een vader en vriend. De oude Professor heeft met ons samen gespeeld, geweend, gelachen en gewrocht. Hij was als één onzer.”

**Jan Lion Cachet voldoen beslis aan die norm wat vir ‘n legende gestel word, naamlik die verhaal van ‘n persoon aan wie merkwaardige dade of eienskappe toegeskryf word.**

# 2.3 Ferdinand Postma

## "DIE REGTE MAN, OP DIE REGTE TYD!"



Ferdinand Postma

**Dit was pas na die Anglo-Boereoorlog. Die Afrikaner was, soos 'n bokser wat pas 'n vernederende uitklophou ontvang het, verdwaas en strompelend besig om weer op sy voete te kom. So ook die Teologiese Skool op Burgersdorp. [Kyk 1.1.2. bo] Om dinge te vererger, voel die twee literariese professore (JA du Plessis en Ph C Snijman) hulle geroepe om tot die bediening toe te tree. Broers Dirk en Ferdinand Postma, seuns van vroeëre literariese professor Marthinus, word in hulle plekke aangestel. Binne 'n paar maande bestyg ook Dirk die kansel. Met Ferdinand (Ferdi) se aanstelling, vanaf Februarie 1904, het daar van studentekant die versugting uitgegaan: "Dat wij toch in hem een blijvende man mogen hebben."**

**Dié versugting sou waar word. Ferdinand Postma sou nie net die regte man op die regte tyd wees nie, maar hy was blywend – tot sy dood, vroeg in November 1950. Die geskiedenis van die PUK, wat mettertyd uit die literariese departement van die Teologiese Skool sy beslag sou kry, was in velerlei opsigte ook die geskiedenis van Ferdinand Postma.**

As dosent het Ferdinand Postma van meet af aan indruk gemaak: "Met eene meerdere bezieling treedt thans onzen nieuwe prof F Postma L.H.C. [Litterarum Humaniorum Candidatus] voor de dag. Zijn moed en ijver waarmede hij het werk begon, hebben reeds de studenten met bewondering bezield … Wij zien in onzen nieuwen prof den rechten man voor onze school in de toekomst."

In dieselfde asem word gerapporteer oor 'n "fluistering" van 'n student: "Ik wensch wel een Latijnsch gedicht als onze prof te kunnen lezen, er is zooveel muziek zooveel harmonie in." En word gehoop dat die vakke Latyn en Grieks, "de bergen van onoverkomelijke moeilijkheden, waartegen ieder student, die vroeger naar school kwam, vechten moest, nu alle vreeslijkheid verliezen zullen en met lust en vlijt bestudeerd worden".

'n Jaar voor sy dood, tydens sy sewentigste verjaarsdag, het die studente hulde gebring aan hulle "geestelike vader" en is hy onder meer geloof as "die man van groot dade, en tog beskamend getrou ook in die heel kleine; die dapper krygsman wat sy hele lewe veg vir 'n beginsel, en tog met niemand stry of twis nie; die man wat baie streng is in die eise wat hy stel (in die eerste plek aan homself!) en tog nooit ''kritiseer' nie, maar altyd 'verstaan' en bemoedig en besiel; die man wat ondanks sy menigvuldigde pligte, tog tyd inruim vir liefdesdiens aan siekers en armes en bekommerdes (selfs sy naturellebediendes weet dit by ervaring); die man van kennis wat, blykens sy belangstellende vrae, altyd gereed is om van andere te leer." Hy is ook by geleentheid geloof as 'n "onverbeterlike optimis", maar dan met optimisme van die geloof.

Postma se aangebore gereserveerdheid is soms deur studente eensydig vertolk, as dat hy stug en stuurs was. Op 'n keer, voordat motors die in-ding was, ry hy met sy fiets, boeke onder die arm vasgeknyp, by 'n paar studente verby. Dit het gereën en die grondpad was nat en glad: "Daar word gegly, en die dramatis personae (t.w. die professor, die fiets en die verskeie boeke) beland in soveel rigtings in die modder. Die studente kry uit die professor se strenge blik die indruk dat hy die gebeure 'in 'n ernstige lig beskou' en durf nie lag nie.

Wanneer hy uit die gesig is, bespreek hulle die vraag: Sou daardie man nooit lag nie?"

Later sit 'n groepie vriende gesellig rondom die teetafel: "Een van hulle is ons stoïsynse professor van flus. Hartlik lag die geselskap as hy met kleur en geur daardie hele insident voordra. Wat nog die meeste pret verskaf, is die fyn beskrywing van die studente se komiek-benoude gesigte toe die professor se houding hulle belet het om te lag!"

Die joviale karakter van Postma het veral op reis sterk na vore gekom: "Geselliger reisgenoot en aangenamer gas kan 'n mens jou moeilik voorstel", is ook van hom getuig.

Wie Ferdinand Postma op die spoor wil volg, vir sover dit sy plek en rol in die ontwikkeling van die PUK en in die breër onderwyswêreld betref, moet die boek *Wonderdaad …!* ter hand neem. Hier word met enkele grepe uit sy vol en roemryke lewe en loopbaan volstaan:

- Nadat hy vir 'n tyd lank aan die oorlog teen Engeland deelgeneem het, is hy vir verdere studie na Amsterdam, waar hy en Japie du Toit saam loseer het. Dáár het hierdie twee boesemvriende gedroom van 'n eie, vrye Christelike universiteit vir Suid-Afrika en het Du Toit sy vriend bearbei om hom eerder op die klassieke studie as teologie toe te spits, met die oog op die vervulling van die gestelde ideaal.

- Hy was die dryfkrag agter die ontwikkeling van die Literariese Departement en die omskepping daarvan in die Potchefstroomse Universiteitskollege in 1919 en die inkorporasie by die federale Universiteit van Suid-Afrika in 1921.

- Dit was Ferdinand Postma wat reeds in 1904, in sy intreerede as literariese professor, die Bybelse spreuk "In U Lig" op die voorgrond gestel het. Hy het dit weer in Julie 1914, na sy terugkeer uit Nederland waar hy sy doktorsgraad aan die VU verwerf het, pertinent onder die aandag gebring en was ongetwyfeld mede-verantwoordelik vir die aanvaarding daarvan as PUK-leuse, in 1922.

- Hy was die hart en siel van die stryd teen die gewetensklousule in die twintigerjare en die argitek vir die herwinning van die inrigting se Christelike karakter in 1933.

- In tye van geldnood en toe gevaar van ondergang gedreig het, veral ná die negatiewe verslag van die VanderHorstkommissie in 1928, het Postma die voortou geneem en die voorbeeld gestel wat insameling van geld sowel as beeldbou van die PUK betref. Hy was ook die siel van die Jubileumfondsveldtog in die tienderjare en het inderdaad 'n groot deel van sy loopbaan as "reisende ambassadeur" van die PUK opgetree.

- As vakman was Postma uitstaande, sodanig so dat sy beroemde leermeester aan die VU, prof Jan Woltjer, hom as sy moontlike opvolger geoormerk het. Postma is inderdaad dan ook in 1919 genader om, ná Woltjer se dood, die vakature te vul, dog het na ernstige oorweging besluit dat sy taak en roeping op Potchefstroom lê.




Postma as jong seun.



Huweliksbevestiging met Margaretha Coetzee.



Saam met broer Dirk, albei literariese professore 1904.



Promosie-plegtigheid Vrije Universiteit, 1914.

- As leier was Postma gesog, sodanig so dat die Senaat van die Universiteit van Pretoria, in hul sukkelgang om 'n akademiese leier te hê, in die vroeë dertigerjare hard probeer het om hom as hulle rektor te kry.
- As lid van die Raad en Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika het Postma groot agting in interuniversitêre kringe ontlok en onder meer sterk geywer vir die erkenning van Afrikaans in die funksionering van hierdie instelling.

Ferdinand Postma was inderdaad 'n merkwaardige figuur wat hoë agting geniet het. In hierdie kort skets kan slegs met enkele uitsprake volstaan word, ter bevestiging van sy legendariese status in die annale van hierdie universiteit.

So is daar in 1939 tydens 'n luisterryke funksie op Potchefstroom hulde gebring aan prof Postma en het die minister van Onderwys, JH Hofmeyr, besondere hulde gebring aan Postma as kennis en as vriend. Sy takt, persoonlikheid, menslikheid en verdraagsaamheid het van Postma een van die grootste onderwysleiers in Suid-Afrika gemaak: "Prof. Postma het 'n groot inrigting opgebou nadat hy geroep was tot 'n klein inrigting in 'n klein dorp met 'n beperkte inwonertal."

Met sy afsterwe in November 1950 is eers 'n duidelike beeld verkry van sy werklike statuur.

Vanuit Amsterdam kom hoë lof van prof J Waterink van die Vrije Universiteit, Postma se ou Alma Mater: "De naam van Uw man staat met gulden letteren geschreven in de historie van het volksleven van Zuid-Afrika". Wits-rektor EH Raikes het dit weer só gesien: "Hy was 'n groot leier van u Kollege … Maar hy was nog meer – hy was 'n vriend van die opvoeding in die wydste opvatting, en as sodanig 'n ware vriend van almal wat in Suid-Afrika die belange van opvoeding met liefde dien."

Die redakteur van die Potchefstroom Herald, CV Bate, vertolk die gevoel van die gemeenskap só: "The late Dr Postma was generally revered, being a man of outstanding cultural attainments and possessing a personality of quiet charm and a sympathetic nature which was enhanced by his wide literary and theological knowledge. He was, indeed, one of Nature's gentleman … a power in the Union's educational world. He was a patriot in the highest sense and his fervour for the promotion of every interest tending to the advancement of Afrikaans culture did not obscure his broadminded outlook on every phase of South African affairs in general …"

Historikus DW Krüger se huldeblyk vertel dieselfde, néé, nog meer. Postma was baie menslik, had 'n fyn sin vir humor, was altyd 'n begrypende vader vir sy gesin, 'n persoonlike vriend van sy personeel en verdraagsaam, wys en regverdig: "I see him slowly and stately walking along the corridors of the main University building. I see him sedately nodding to friends and acquaintances and now and then smiling condescendingly. What struck one most of all was his immense dignity, and his respect for tradition as outwardly expressed in the regalia and insignia of academic life … Summoned to interview him in his office always created the impression of meeting royalty, such was his courtly grace."

Prof CH Rautenbach, rektor van die Universiteit van Pretoria, het Postma as veteraan onder onderwysmanne in Suid-Afrika bestempel: "Hy was die man van ervaring, wysheid en gerypheid na wie die ander om raad gegaan het." Dr Jan Steyn, Potchefstroomse lid van die Volksraad wat die PUK se selfstandigheidswet in 1950 deur die parlement geloods het, kry hier die laaste woord: "Eer hom, hy sou in elke volk groot gewees het."


DIE VADERLAND ★ Woensdag, 8 November 1950.

**BY DIE GRAF**

DIE begrafnisstoet kom die kerkhof binne (foto heel regs). Aan die linkerkant stap mnr. S. Vermooten, die begrafnisondernemer, en ds. J. V. Coetzee, wat die lyksrede waargeneem het.

—★—

OP die foto regs is mev. Postma, eggenote van wyle prof. Postma, by die graf van haar eggenoot te sien. Aan haar regterkant staan haar seun, ds. J. Postma, en aan haar linkerkant staan haar dogter, mev. (dr.) O'Grady.

—★—

AL wyle prof. P… kinders … die begr… Op …

**. Ferdinand Postma Oorlede**

**Tot Sy Dood Gewerk in Belang van P.U.K.**

POTCHEFSTROOM. … FERDINAND POSTMA, rektor van die … Universiteitskollege, is Saterdagnag … na die sitting van die kollege se … 'n toeval gekry, maar het … om tienuur Sater- …

**Dr. Postma Was Groot Onder Die Grootstes: Hulde By Uitvaart**


"Groot onder die Grootstes" ... só is van Ferdinand Postma getuig, by sy afsterwe in November 1950.

Tydens 'n huldiging in 1977, tydens die honderdste herdenking van Postma se geboortedag, het oud-kollega DJ du Plessis gewag gemaak van die voorreg om sy vorming te kon gehad het onder "so 'n voorbeeldige, waardige en inspirerende rektor" en "van die moed en volharding van Prof. Postma om onder die destydse moeilike en onvoorspelbare toekoms die huidige opvoedkundige reus te voorspel soos wat hy gedoen het op die eerste gradedag in 'n leë stadsaal". Vir ds TT Spoelstra was hy " 'n man met 'n hart van goud, gevul met ware christelike liefde, toewyding opofferinge … die nobele, edel christen … Soos 'n vader, soos 'n broer, 'n yweraar, meermale 'n miskende". As professor was hy streng en het hulle maar lugtig geloop, maar as vriend "kon hy lag dat die trane oor sy wange geloop het".

'n Laaste woord, oor Postma – vanaf Boshoek, Rustenburg se wêreld. Afkomstig van mnr MGL Bosman oftewel "Prof Bossie", op 'n siekbed kort voor sy oorlye: "Dit is seker onnodig om te meld dat die saamwerk op die terrein met wyle prof. Postma vir mnr. Bosman 'n groot voorreg was – en hou net mooi herinneringe in."

# 2.4 JD du Toit ("Totius")

## MYNINGENIEUR? … Néé, "ONZE DICHTER", PROFESSOR EN KANSELIER !



JD du Toit


**Myningenieur?**

**Ja, dié pas-gematrikuleerde, tengerige jong man van die Paarl se kop het na die South African College te Kaapstad (die latere Universiteit van Kaapstad) se kant toe gestaan om hom aldaar as myningeieur te gaan bekwaam. Die blote feit dat hy hierdie rigting wou inslaan, getuig daarvan dat hy, daardie latere groot kunstenaar van die woord, darem tog ook 'n man van syfers moes gewees het. En wie sê, moontlik ook op hierdie terrein die hoogste hoogtes kon bereik het.**

**Maar dit het toe nie so uitgewerk nie. Sy roem, wat ook die PUK (en Teologiese Skool) se roem was, het op ánder terreine gelê: die teologie, die akademie en die digkuns, waar hy nie alleen as jong student gekroon is as "onze dichter" nie, maar later oor die eretitel van "volksdigter" verwerf het, die Afrikaner-eweknie van die groot Nederlandse volksdigter Joost van den Vondel. Beteken "Totius" dan immers nie "geheel" of "van almal" nie?**

Inderdaad was daar by die jong Japie du Toit 'n brandende begeerte om, soos sy vader, ook tot die bediening van Gods Woord toe te tree, predikant te word. Maar daar het juis die knoop gelê, by sy pa – ds SJ du Toit.

SJ du Toit was seker een van die bekendste persoonlikhede in die wordingsgeskiedenis van die Afrikaner, 'n man wat diep spore in die geskiedenis van kerk, politiek, onderwys en kultuur getrap het. Hy was onder meer medestigter van die Genootskap vir Regte Afrikaners in 1875, met slagspreuk "Om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land", redakteur van die GRA se mondstuk *Di Patriot* wat vanaf 1876 die lig sien, grondlegger van die Afrikanerbond as politieke organisasie in die Kaap, predikant van die NG-Kerk in die Paarl en daarna Superintendent van Onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek van Paul Kruger. Hy raak intens betrokke by die Transvalers se stryd om die behoud van hul onafhanklikheid maar val later in onguns en keer terug na die Paarl, waar hy hom op die vertaling van die Bybel in Afrikaans en op drukwerk toelê. Intussen het daar ook op kerklike gebied verwydering tussen hom en die NG-Kerk gekom en wel oor toenemende kritiek teen dié kerk se leerstellige rigting.



Ds SJ du Toit

Tydens die Du Toits se verblyf in Transvaal het Japie du Toit sy skoolopleiding aan die puik Duitse sendingskool Morgensonne ontvang, met onder meer intensiewe skoling in Bybelse geskiedenis, Kerkgeskiedenis, Latyn en Duits – almal vakke wat in sy latere lewe en loopbaan van groot waarde was. Dit is minder bekend dat hy reeds in sy tweede jaar, in 1897, vrywillig Hoog-Duitse klasse op matriekvlak aan die Teologiese Skool aangebied en daarvoor 'n bonus ontvang het.

"Dit is algemeen bekend", vertel Totius self later, "dat die posisie van my vader in die Ned. Geref. Kerk van dié aard was dat my toekoms as predikant aldaar nie alleen hoogs onseker nie, maar ook minder aangenaam sou gewees het. Wel het hy my vir die teologiese studie bestem, maar, hoeseer ook teen sy wens ingaande, het hy my beslis afgeraai om onder die gegewe omstandighede

na Stellenbosch te gaan." Die jonge Japie het die saak vir homself uitgemaak: hy sou graag oorsee wou studeer, maar daar was nie geld nie. "Dan maar na 'n ander uiterste geprobeer … Ek het aan die S.A.Kollege, Kaapstad, kennis gegee dat ek van plan was om my aldaar as myningenieur te laat oplei." Maar steeds weifel hy, en begin die vóór en die téén van sy besluit op 'n papiertjie te krabbel.



Die jong Japie du Toit ... voor 'n loopbaankeuse.

Dié myningenieur-storie, vanwaar dan?

Sy pa se kortstondige, rampspoedige "flirtasie" met die goudmynbedryf aan die Witwatersrand, waardeur hy al sy bates belê – en verloor – het, kon dalk by die jonge Japie 'n ideaal geskep het om te kompenseer vir daardie groot terugslag in hul familielewe. Sy biograaf spekuleer ook só: "Sou dit ['n naambord 'JD du Toit, myningenieur'] op 'n glasdeur van een van die groot goudmynmaatskappye in Johannesburg staan?"

Twee dae voordat hy die trein Kaapstadtoe moes haal, is die twyfel eens so groot. Japie is slapeloos, so ook sy geliefde stiefmoeder wat die onrustigheid in hom bemerk het. Ná middernag sit die twee om die eetkamertafel en vind, volgens die Totius-biograaf, "die belangrikste gesprek van sy lewe" plaas. Totius self vertel later só van hierdie tussenkoms van sy moeder, wat geen vrede gehad het met sy besluit nie en by hom aangedring het om dit te herroep en vir predikant te gaan leer: "Vir my … was nog net die kordate optrede van my moeder nodig om 'n einde aan alle onsekerheid te maak. Nee, nie Kaapstad nie. Nee, geen myningenieur nie. Ek sou teologie gaan studeer, maar wáár dan?"

Hier het sy vader tot hulp gekom, wat aan troue vriend en geesgenoot Jan Lion Cachet van die Teologiese Skool te Burgersdorp geskryf en van sy seun se begeerte en dilemma vertel het. Cachet was natuurlik deel van 'n kontingent Burgersdorpers (Totius noem dit later 'n "hele falanks") wat in 1896 die Eerste Taalkongres te Paarl bygewoon het en wie se optredes tydens die kongres 'n groot indruk op die jong Du Toit gemaak het. Cachet se antwoord was reguit en eerlik: hy sou die jonge Japie graag op Burgersdorp wil sien, maar hy sou slegs kon inskryf as hy van voorneme is om predikant van die Gereformeerde Kerk te word, en daarvoor moes hy boonop 'n spesiale eksamen aflê.

Hoewel Burgersdorp op die randjie van die droë en warm Karoo sleg afgesteek het by die pragtige Paarl-vallei met sy omringende berge en natuurskoon, het Japie nie gehuiwer nie en, soos hy op sy 70ste verjaardag getuig, die "onberoulike keuse" gedoen: "Die sagte klimaat en die groen velde van die Paarlvallei waaraan hy so gewoond was, is verruil vir die dorre, byna boomlose Brugersdorp wat in 'n diep, droë holte tussen bruingebrande rante vasgevang is – 'n plek wat 'n mens aan 'n semi-woestyn laat dink het. Dit is 'n harde wêreld en 'n mens moet taai soos die besembos wees om te oorleef", het biograaf Victor d'Assonville oor hierdie keuse van Du Toit geskryf.

En só beland Japie du Toit op Burgersdorp en skryf hy op 1 Maart 1896 in as student aan die Teologiese Skool. Gehelp deur vroeëre privaatonderrig deur sy vader, het Japie sy kwalifiserende eksamen, wat normaalweg twee jaar duur, binne drie maande voltooi en terselfdertyd belydenis van geloof in die plaaslike Gereformeerde Kerk afgelê.

Aanvanklik het hierdie tengerige studentjie nie geïmponeer nie. d'Assonville haal 'n tydgenoot se siening aan: "Hy het daar bleek en sieklik uitgesien, stil en teruggetrokke van aard. Dit wou voorkom asof daar iets met sy oë verkeerd was. Hy het eerder die indruk van swakheid as van krag gemaak." Maar weldra sou hierdie aanvanklike indruk drasties gewysig moes word.

In voordragte voor die studenteverenigings het hy een en almal geïmponeer met sy belesenheid en wye kennis. Hy vertel vir sy medestudente van die lewe en betekenis van daardie groot Nederlandse skrywer en digter Willem Bilderdijk en van kerkleier Hendrik de Cock se stryd teen die liberalisme, wat tot die kerklike Afskeiding van 1834 in Nederland gelei het. Op grond van sy eerstehandse belewenis daarvan deur die betrokkenheid van sy vader, het hy as 19-jarige student 'n sterk pleidooi gelewer vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans. In 'n voordrag oor gewyde musiek knoop hy dit aan die Reformasie van Luther en Calvyn en waarsku hy teen verwêreldliking van gemeentesang.

By 'n ander geleentheid in 1898 het Du Toit dit oor "Het Methodisme", 'n tema wat hy later vir die verwerwing van sy doktorsgraad verder sou uitwerk. 'n Rukkie later handel dit oor "De Inspiratie Theorieën", op sy beurt 'n aangeleentheid waaroor hy 33 jaar later deur die NG-Kerk genader sou word om opheldering te gee in die saak wat hierdie kerk teen hul teologiese professor J du Plessis aanhangig gemaak het.

Onder die skuilnaam Jaduto verskyn 'n twintigtal gedigte en prosastukke in verskillende publikasies en op digtersaande staan sy pogings kop en skouers uit bo dié van medestudente. Die hoogtepunt word bereik toe 'n gedig van Du Toit tydens 'n eerste kompetisie van sy soort loshande deur Japie gewen word en hy in Desember 1898 op 'n plegtige gesellighedi gekroon word as "Onze Dichter" of ook genoem "Onze Hoofdichter".

Soos sy vader het die jong Du Toit se sterk voorliefde vir skryfwerk daartoe gelei dat hy hom beywer het vir, en in 1898 die eerste hoofredakteur geword het van *Het Studentenblad*, die eerste werklike mondstuk van die Burgersdorpse studente. As redakteur vertolk hy in menige artikel die gees van Afrikaner-nasionalisme wat daar op Burgersdorp onder die studente en dosente vaardig was.

Les bes: hy was ook intens lief vir musiek, kon self die siter, klavier en harmonium bespeel en het destyds op Burgersdorp en weer later te Potchefstroom 'n eie orkes vir die Teologiese Skool op die been gebring – orkeste wat in 'n sekere sin die voorlopers van die later bekende Alabama sou wees.



Totius (2e van links, agter) as tennisspeler te Burgersdorp. Links van hom staan Ferdinand Postma en voor links sit Willem Postma.

Kort voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het Japie du Toit sy proponentseksamen met sukses afgelê en toe as rondreisende prediker in Transvaal gaan arbei. Tydens die oorlog het hy vir ongeveer twee maande as veldprediker diens gedoen, toe ernstig siek geword en 'n rukkie later, op aandrang van welmenende ondersteuners wat besef het wat sy lot sou wees indien hy as Kaapse rebel gevange geneem word, met 'n studiebeurs na Holland vertek om aldaar, aan die Vrye Universiteit, sy studies voort te sit.

Die storie van Totius se studie, verblyf en wedervaringe as Afrikaner-banneling in Nederland is 'n sage op sigself, wat afsonderlike vertelling regverdig.

Japie du Toit – weldra dr JD du Toit, later professor JD du Toit en deurentyd en in die volksmond sommer net Totius – was bestem om een van die grootste legendes in die geskiedenis van die Teologiese Skool en die PUK te word.

By sy terugkeer in Suid-Afrika, nadat hy sy doktorsgraad aan die Vrije Universiteit te Amsterdam verwerf het, het hy predikant van Potchefstroom geword. Hy was ook die groot dryfveer agter die verplasing van die Teologiese Skool vanaf Burgersdorp na Potchefstroom einde 1904. In 1911 het hy professor Jan Lion Cachet as teologiese professor opgevolg en sou hy vir die volgende byna vier dekades 'n groot rol speel in die vestiging van daardie Christelike universiteit waarvan hy en medestudent Ferdinand Postma so



Totius (middel) as lid van die Teologiese Skool se strykorkes, 1916 ... voorloper van die Alabama.

onophoudelik dáár langs die Amsterdamse gragte gedroom het. Ook was hy die eerste kanselier van daardie universiteit.


Du Toit, veelal onder sy meer bekende benaming as "Totius", was in dié tyd een van die vernaamste "uitvoerprodukte" van die jong universiteit wat nog vir hom 'n plek in die universitêre opset moes oopworstel, onder meer deur sy prominente aandeel in die vertaling van die Bybel in Afrikaans maar ook deur sy opgang as volksdigter en vertolker van die kulturele behoeftes en ideale van die Afrikaner. In dié tyd was die Afrikaner se kultuur en politiek bedmaats en só word Totius se invloed ook dáár 'n faktor en word hy gevra om by die grootste massademonstrasie van Afrikanernasionalisme in dié jare, op 9 September 1939 te Monumentkoppie, Pretoria, 'n "volksverklaring" namens die Afrikaners af te lê, waarin plegtig beloof word "dat ons mekaar se hand gryp op die pad van Suid-Afrika om dit nooit weer los te laat nie". Ironies genoeg was die Afrikaners kort hierna so verdeeld soos nooit tevore nie.

**"Totius" word volksbesit wat die Afrikanerdom betref en eerbewyse is aan die orde van die dag. By selfstandigwording word aan hom die hoogste eer deur sy universiteit bewys toe hy as kanselier aangewys word. Totius is in 1953 oorlede.**



Herenigingsbyeenkoms van Afrikaners by Monumentkoppie, Pretoria, 9 September 1939.

# 2.5 Jan Kamp



Jan Kamp

## "OU KAMPIES"

**"Mog ons maar ons waarlik groot manne – en Prof. Kamp is een van hulle – nie in ondankbaarheid vergeet nie!" (Totius)**

**Hoe sal 'n universiteit wat 'n Jan Kamp op sy kampus gehad het, hom dan ooit vergeet? Slegs as hulle in ondankbaarheid of om welke ander rede ookal, nie soms stil staan en terugkyk nie. Vér terug, minstens tagtig-honderd jaar die verlede in.**

Gebore in 1861 het Kamp hom as onderwyser bekwaam en was hy vir 'n tyd lank ook verbonde aan "De Standaard", die mondstuk van dr. Abraham Kuyper en yweraar vir die bevordering van Christelike beginsels in die Nederlandse staatkundige opset.

In 1898, pas 'n jaar of so voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, het die 37-jarige Jan Kamp hom om gesondheidsredes in Suid-Afrika gevestig. Soos so baie Hollanders destyds het hy op verskeie plekke skoolgehou en met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, ook soos baie mede-Hollandse immigrante, sy lot aan Boerekant ingegooi. Hy het hom hart en siel aan die gewapende stryd gewy en dit word vertel dat hy, by wapenaflegging ná vredesluiting, as protesdaad sy geweer met 'n lang tou agter sy perd aan gesleep het!

Klein-Jan vertel dat hy baie jare na sy pa se dood 'n medestryder van sy pa in die Anglo-Boereoorlog ontmoet het. "Wat is jou naam, het jy gesê?, vra die oom (Frik Fouché), opsigtelik dadelik nuuskierig. "Kamp, Oom", antwoord die jongman. "Was jou pa se naam Jan?" Op sy "Ja, Oom" het Fouché gereageer met: "Hy was die beste perde dief wat ek ooit geken het!" Toe vertel Fouché met smaak hoedat Klein-Jan se pa tydens die oorlog 'n meester was in die kuns om perde van Britse troepe vir die Boere te kaap.


Ná die oorlog het Jan Kamp 'n tyd lank by 'n prokureursfirma in Volksrust gewerk maar hy het nie geaard in hierdie "te stoffelike werkkring" nie; sy kop het preekstoel toe gestaan. Tydens die Gereformeerde Kerk se sinode te Middelburg in 1904 het Kamp, as afgevaardigde ouderling van Volksrust, voelers uitgesteek vir aanname as teologiese student. Per brief, met 'n indrukwekkende "Toelichting" daarby aangeheg.

Nadere kennismaking, getuig 'n naamlose skrywer (dalk Ferdinand Postma of een van die kuratore) in 1915 in *Het Kerkblad*, "oortuig ons toen, dat Prof. Kamp g'n alledaagse persoonlikheid is nie … In Potchefstroom het dit hom egter gouw duidelik geword, dat hij nie predikant moet word nie. Aan die Theol. School was daar geleentheid vir hom om sijn intellektuele krag te ontwikkel als leeraar in Hollands, Hollandse letterkunde en geskiedenis. Als zodanig word hij dan ook gouw deur die Kuratore aangestel."

As dosent het Kamp groot indruk gemaak: "Elke student wat by Prof. Kamp op kollege gekom het, weet dat Prof. Kamp 'n *onderwyser* was. Hy kon méédeel, hy kon inspireer, hy kon van jongkêrels *manne* maak. Hy was professor én onderwyser, hy het hoofde én harte gevorm."

As vakman "was hy jarelank een van die ligte van ons P.U.Kollege, en het hy vir hom 'n naam in die geleerde wêreld verower". Hy het hoë lof ingeoes as literêre kritikus en het 'n taalgevoel en taalkrag ontwikkel "wat in elke artikel van sy hand ons tref en wat menigeen hom beny het". Kamp se joernalistieke onderbou het hom goed te pas gekom in sy nuwe werkkring en algou het hy hom as vaardige hanteerder van die pen bewys. Verskeie vakkundige publikasies het uit sy pen verskyn. Kamp het van meet af aan besef dat Afrikaans die taal van die land moes wees en het selfs nie geskroom om die ontluikende letterkunde teen vreemde aanvalle, ook uit sy eie vaderland, te beskerm nie en het hy getoon wat dit was om Christenmens en gelowige op die terrrein van die letterkunde te wees.

"As onderwysman", getuig prof Du Toit verder, "het Prof. Kamp hom tewens geopenbaar in sy brosjures, twee in getal, wat hy geskryf het toe die skoolstryd, die geveg vir Christelike-nasionale skole, nog onder ons aan die gang was. Dié stryd is ten dele verlore, maar van Prof. Kamp se brosjures sal eendag weer die stof van vergetelheid afgeblaas word. Dan sal ons opnuut gewaar dat daar 'n profeet onder ons gewees het."


DE VRIJE SCHOOL MET GOUVERNEMENTS SUBSIDIE.

Het eenige Redmiddel
VOOR HEEL ZUID-AFRIKA,
DOOR
J. KAMP,
Lit. Docent aan de Theol. School, Potchefstroom.
Met Voorrede
VAN
Prof. J. LION CACHET.

UITGEVERS:
HÖVEKER EN WORMSER,
POTCHEFSTROOM.

DE SCHOOL HOORT AAN DE OUDERS
DOOR
Prof. J. KAMP,
in opdracht van het C. N. O. Congres van
26 en 27 Junie 1912.

Uitgegeven voor rekening van het Hoofdbestuur van C. N. O.

Gedrukt aan „HET WESTEN"-Drukkerij, Bus 196, Potchefstroom.

Publikasies van Kamp oor die skoolstryd.

Getoë in die koerantstal van 'n man soos dr Abraham Kuyper het Kamp sy joernalistieke vaardigheid in belang van die Afrikanersaak en ter bevordering van die "Christelik-Nasionle volksbelange" aangewend, onder meer as redakteur van die Potchefstroomse *koerant Het Westen* en tydens 'n kortstondige redakteurskap van 'n nuwe koerant in Pretoria, *Ons Vaderland*. By geleentheid, toe artikels ten tyde van die dood van president MT Steyn in 1916 baie van Kamp se tyd in beslag geneem en hy nie 'n belangrike vergadering bygewoon het nie, is hy ligweg deur die voorsitter van die Kuratorium van die Teologiese Skool oor die vingers getik. Kamp se verweer was dat sy joernalistieke werk eerder ten goede as ten kwade meewerk.

Totius het hoë lof vir sy ontslape kollega: "Onder die Suid-Afrikaners wat in die publieke pers die pen gehanteer het, staan Prof. Kamp in die voorste ry. Beter, besielender, kragtiger, beslister, geweldiger as hy het niemand geskrywe nie."

Student HG Schulze, wat vir vyf jaar lank hoofsaaklik Afrikaanse en Nederlandse letterkunde by "Ou Kampies" studeer het, het die kennismake met Kamp as 'n gebeurtenis van belang in vir hulle lewe en vorming bestempel: "Hoe het hy dit nie verstaan om "kniebandjies" los te maak, soos hy dit genoem het; om sy studente se insig in letterkundige figure, vraagstukke en digsoorte te verdiep, om vir hulle vergesigte te open! Hoe skitterend het hy nie daarin geslaag nie om die letterkundige strominge, ontdaan van alle (die jong student verwarrende) bykomstighede, in duidelike en vaste trekke na hul innerlike wese te karakteriseer. En met soveel besieling, met so 'n gloed van oortuiging het hy dit gedoen, dat dit 'n onuitwisbare indruk gemaak het op sy studente, waardeur die dinge ons onvervreembare eiendom geword het, waarop ons later kon voortbou."

Sy omgang met die studente was enig, onthou Schulze verder: as professor het hy die hoogagting en as studentevriend die liefde van sy studente afgedwing, sentimente wat tot uiting gebring is in die naam "Ou Kampies". Daar is weinig Hollanders "wat die Afrikaanse gedagte soos hy aangevoel en vertolk het, wat die Afrikanersiel soos hy begryp het, en wat soos hy in die Afrikaner se denkwyse ingeleef het. Hierdeur het hy die harte verower van die studente, hierdeur het hy so 'n krag en so 'n sieraad geword aan ons Alma Mater."

Toe Kamp in 1915 as redakteur van die nuwe koerant *Ons Vaderland* aangewys is, was een besondere student baie spyt waaroor, "want hij het van mij 'n Afrikaner gemaak". Dat 'n Hollander van 'n Afrikaner seun inderdaad 'n *Afrikaner* maak!

By sy "vroegtydige heengaan" is daar ook hoë hulde van die kant van die SA Akademie, waarvan Kamp 'n geëerde lid was. Naas groot waardering vir sy letterkundige bydraes, veral sy letterkundige kritiek, en onvermoeide werk "in die skepping van ons nasionale bewussyn", is gefokus op Kamp as persoon: "Hy het 'n aanminlike persoonlikheid gehad en 'n ontwikkelde opmerkingsgawe; sy gesprekke was altyd geestig, leersaam en opbouend, en ryk aan oorspronklike gedagte. En sy lewe was 'n toonbeeld van beskeidenheid. Bokant nietige naywer of aldag-gesukkel om persoonlike voordeel, bokant kleinlike strewe na populariteit en wêreldse aansien het sy gees geswewe – hy was *groot* … Suid-Afrika het armer geword aan geestelike krag, maar tot in lengte van dae nog sal Kamp se karaktervolle verskyning, lewe en woord duidelik voor ons staan en besiel."

Sekere eienaardighede het verder daartoe bygedra dat "Ou Kampies" 'n karakter, 'n legende was. Jacs van Rooy onthou: "Omdat dit in sy oog meer higiënies was het hy sonder sokke geloop. En as ons kla oor koue, smaal hy kameraadskappelik, 'kom saam met my as dag breek, kom neem 'n sitbad in Mooirivier.' Taai, moenie praat nie. Hulle vertel hy moes soms die ys van sy sitbad eers stukkend slaan voor hy sit en hy sit die tien minute en langer in die yswater, al maagvrywende, om die sirkulasie te bevorder. Geen wonder dat sy dogter tydens inisiasie by Gimmies "Sitbadjie" gedoop is."

"Grof kon hy uitvaar teen die Empaaierpolitiek", onthou Van Rooy verder. Nie in sy publikasies nie, maar so onder vriende "het hy sommer welsprekend lelik gepraat" en "het hy opreg getoorn as hy die vuil politiek hekel. Hy het dinge dan sommer op die naam genoem. Mens sou dit kwalik anders kon sê, want dit het raak beskryf."

Dan, oor die klassituasie: "Sy stem was niks besonders, maar as hy Vondel aanhaal, dan skiet dit vonke, as hy deklameer dan rol en donder dit, en laat dit by jou 'n onvergeetlike indruk."

Van Rooy vertel hoedat 'n kommissie 'n psalmberyming van Totius by geleentheid moes evalueer en goedkeur. Die snoeimes is "onverskillig gehanteer" en die saggeaarde Totius wou nie protesteer nie. Ds JV Coetzee het wel "die rymelaars gehekel, die vandale aan die kaak gestel". Pas daarna gesels Van Rooy met ds Coetzee en wonder hardop wat "ou Kampies" sou gesê



Prof Jan Kamp en mev Maria Kamp, met hulle kinders. Hy met sy sitbaddens in die Mooirivier, en sy met haar natuurgenesingsmetodes het Potchefstroom aan die praat gehad …

het indien hy teenwoordig was. "En, tipies jeeveeaans, kom die antwoord in skilderagtige taal: 'Man, hy sou gedonder het onder die kallers wat daar in die blomtuin baljaar het.' Die veelseggende kommentaar van Van Rooy hierop was: "Ek dink ook so"!


Tydens die Groot Griep (of Spaanse Griep) van 1918 het die Kamps en veral mev Maria Kamp, wat in haar jong dae opleiding in 'n sanatorium in Duitsland ontvang het, 'n groot rol gespeel in die bekamping van hierdie siekte wat ook in Suid-Afrika epidemiese afmetings aangeneem het. Die Kamps se woonhuis is in 'n semi-sanatorium omskep, met eventueel 61 beddens in elke moontlike spasie in die huis en op die erf – selfs pergolas in die tuin is met skadunette toegemaak! Met haar natuurgenesingmetodes – geel klei wat onderkant die dam uitgehaal, gebrei en dan op die lyf aangesmeer is, saam met die drink van groot hoeveelhede lemoensap – het sy na raming honderde pasiënte genees, en nie een sterfgeval gehad nie. [Daar was slegs een sterfte as gevolg van hierdie skrikwekkende epidemie, naamlik student Gert van der Walt.]

Hierna is, op publieke aandrang en privaat geborg, 'n gebou buite die dorp opgerig met die naam "Sanitas", vanwaar mev Kamp 'n sanatorium bedryf het. Die Kamp-familie het nou soontoe verhuis. Op 'n stadium het mev Kamp hul perdekar verruil vir 'n Model T-Ford, maar prof Kamp het botweg geweier om te bestuur of saam te ry. Hy het steeds maar voetgeslaan PUKtoe en selfs na die kantore van *Het Westen* in die dorp om sy redaksionele pligte na te kom.

**Kamp het in 1918 die rektorskap van die Teologiese Skool op rotasiebasis beklee, hy was vir 'n kort rukkie die PUK se senaatsverteenwoordiger op die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika en kort voor sy dood is sy naam ook genoem as kandidaat vir 'n eredoktorsgraad aan die Vrije Universiteit in Amsterdam. Hy was ook, saam met Totius, verantwoordelik vir die verkryging van die PUK se unieke embleem in 1922 terwyl sy vrou, Maria, die ontwerp geteken het. [Kyk 1.3.5]**

# 2.6 APC Duvenage

## "STORMVOëL" OP DIE BULT



APC Duvenhage

**PUK se eerste "Mnr Rugby", 'n Oubaas Markotter [legendariese Matie-rugbypersoonlikheid] in die kleine. Studentevriend by uitnemendheid. Dienaar van die gemeenskap. Dinamies, uitgesproke, omstrede … 'n ware "stormvoël" op die Bult!**

**Ja, dis die beeld wat by 'n mens opkom as teruggeblaai word deur die annale van die PUK, tot dáár in Brugersdorp se dae kort voor die Anglo-Boereoorlog. En as jy dan op die spore loop van APC Duvenage …**

Daar sit hy, die sestienjarige met sy seunsgesiggie, derde van regs in die voorste ry van die manne wat so netjies uitgedos is vir die foto van die Teologiese Skool se dosente en studente enkele dae voor die uitbreek van die gewapende stryd. Volgens prof Ferdinand Postma, wat ook destyds nog student was, is die jong Duvenage reeds op hierdie stadium deur die destydse professore geoormerk as toekomstige dosent in natuurwetenskappe.

Só begeef Duvenage, wat sy oog aanvanklik op teologiese studie gehad het, hom ná die oorlog na die South African College in Kaapstad, die latere Universiteit van Kaapstad, om aldaar behoorlike opleiding onder gekwalifiseerde dosente te ontvang. Met die BA.Sc agter sy naam word Duvenage benoem en lewer hy op 24 April 1906, pas na sy 23ste verjaardag, sy intreerede as professor in Wiskunde in die Literariese Departement van die Teologiese Skool.



'n Gedeelte van die studente en dosente van die Teologiese Skool 1899. APC Duvenage sit derde van regs in die voorste ry.

Vreemd genoeg, in dieselfde uitgawe waarin sy intreerede gerapporteer word, word in die studenteblad se "Varia"-kolom só gerapporteer: "Dit is mij aangenaam om te zé dat hier nou weer nieuwe leve en broederlijke liefde onder die Studente is. Prof. Duvenage het hier gekom, en ook zomaar een Rugby 'Football Team' gestig. Hoe hard die Soccer Kapitein hom ok eerst tege gewerk het, geluk dit hom darm, zoo dat die 'F. en S. Football Club' nou bestaan uit een 'Association team' en 'Rugby team'."

Vir seker, die jong Natuurwetenskaplike het sommer met die intrapslag die spreekwoordelike knuppel in die hoenderhok gegooi!

Dit is nie duidelik hoe effektief die spel rugby in die hieropvolgende paar jaar beslag gekry het nie, maar feit is dat sokker 'n stadige dood gesterf en dat rugby mettertyd die vernaamste sportsoort aan die Teologiese Skool geword het. Duvenage is algemeen beskou as die vader van PUK-rugby en het veel gedoen vir die vestiging en bevordering van hierdie sportsoort. Hy het nie verniet sy studies daar in die Suide, in die destydse Mekka van rugby, voltooi nie – waar die latere Maties en latere Ikeys teen mekaar intervarsities gehou het en waar beroemde Springbokke en toekomstige Springbokke Saterdag na Saterdag op die velde uitgeblink het.

Of dit iets te doen had met die onmin oor sy rugby-inisiatiewe is nie duidelik nie, maar vroeg in 1907 dien daar 'n beswaarskrif by die kuratore oor die onderrigmetodes van Duvenage. Terselfdertyd word ongunstige eksamenuitslae behandel en blyk dit dat veral Duvenage se studente swak gevaar het. Duvenage is deur die kuratore geroskam en geadviseer om vir hom ander werk te soek, maar gelukkig het daar verbetering ingetree, beide wat betref die doseerwerk as die verhouding met die studente en het die omstrede jong dosent sy pos behou.

Duvenage het hom skynbaar hierna ernstig in sy doseerwerk verdiep en sy rugby-ywer effens links laat lê. 'n Dekade later, einde 1915, is hy egter weer op die mat, en weer oor beweerde onbekwaamheid om te doseer "wegens gebrek aan takt". Die klag is gelê deur studente-praetor JC (Joon) van Rooy.

'n Indringende ondersoek wat die kleur van 'n "mini"-hofsitting aangeneem het, het Duvenage ten dele "skuldig" bevind en hy is weer geadviseer om uit te kyk vir 'n ander pos; nee, hy is eintlik in die pad gesteek, moes hy later op navraag verneem. Op grond van pleidooie van sy kant en ondersteun deur senaatslede wat verbetering in sy werk en ook in sy interpersoonlike verhoudinge rapporteer het, het Duvenage toe wel op die ou end sy pos behou.

Maar hy wás 'n moeilike man, maak nie 'n fout nie.

By sy afsterwe in 1923 getuig rektor Ferdinand Postma oor destydse gevoelighede in die Gereformeerde Kerk vanweë die toenemende geldelike eise van die Teologiese Skool en voeg by: "Hierby het gekom dat die oorledene geywer het om sy departement meer en meer uit te brei; wat natuurlik altyd meer geld vereis het. Die Kuratore … het byna jaarliks te doen gekry met Prof. Duvenage, wat meer ondersteuning gevra het vir sy afdeling. Die Kuratore het gevind dat Prof. Duvenage nie so gemaklik sy saak prysgee nie. Gewoonlik het hy dan ook altyd iets gekry."

Resultate het nie uitgebly nie: "Vandag word aan die P.U.K. gedoseer in Natuurkunde, Skeikunde, Plantkunde en Dierkunde, natuurlik met Wiskunde en Toegepaste Wiskunde. Die grondlegger van die fakulteit was Prof. Duvenage." Hierbenewens was Duvenage ook in beheer van die koshuise van die PUK.

Postma het hom ook geloof as 'n man van deursettingsvermoë en volharding: "Om 'n saak te begin is geen kuns nie, maar om te volhard. Dit kon hy doen … As hy eenmaal kant gekies het in watter saak ook dan het hy daarby gestaan nie alleen, maar ook die moed gehad om sonder enige weifeling sy oortuiging uit te spreek en te verdedig. Die Senaatslede het hom in al die jare as sodanig geken, en ook daarmee rekening gehou. Dat hy in die publieke lewe hierdeur dikwels vir hom onaangenaamhede op die hals gehaal het, kan verstaan word."

Duvenage was enersyds baie aktief betrokke by die politieke woelinge in die tienderjare, rondom die totstandkoming van die Nasionale Party in 1914 en die verset teen die regering se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog. Daarmee het hy hom die gramskap van die andersgesinde gemeenskap van Potchefstroom op die hals gehaal. Hy was baie prominent as organiseerder, voorsitter tydens eie vergaderings en vraesteller tydens opposisie-byeenkomste, terwyl hy ook as stadsraadslid help verhoed het dat 'n huldigingsadres in 1915 aan premier Louis Botha oorhandig word.

Dit is asof die skrobbering en amperse-ontslag in 1916 weer effens kalmte gebring en Duvenage hom grootliks van politieke bedrywighede gedistansieer het. Ten tye van die inkorporasie van die PUK by die Universiteit van Suid-Afrika, waartydens hy as stadsraadslid sterk vir die PUK pleit, is hy instrumenteel in 'n ooreenkoms met die plaaslike Kamer van Koophandel, waarvolgens personeel hulle van die politiek sou onthou.


Reeds vanaf 1911 al Stadsraadslid, het hy op plaaslike vlak 'n taamlik hoë profiel verkry en dien hy onder meer as onder-burgemeester en in 1921-22 ook as burgemeester van Potchefstroom. Hy het veel gedoen vir die onderwys, onder meer vir sover dit beskikbaarstelling van grond aan opvoedkundige inrigtings betref, terwyl hy en sy vrou hulle besonder beywer het om die lot van arm mense te verlig. Tereg kon Postma getuig dat hy 'n band tussen die PUK en die dorp was.

Maar juis in sy burgemeesterstermyn, 'n jaar voor sy dood, raak hy weer betrokke in 'n uiters onsmaaklike onderonsie in die stadsraad, wat in 'n oor-en-weer slegsêery ontaard het, met 'n mosie van wantroue wat tydens 'n openbare vergadering in Duvenage en die Raad aanvaar is, maar wat egter nooit in werking getree het nie. 'n Potchefstroomse koerant het by sy dood verwys na sy "enigsins driftig temperament en zijn daarmee gepaardgaande rondborstigheid", maar erken dat Potchefstroom op munisipale, onderwys- en sportgebied 'n groot verlies gely het.

Duvenage se mees blywende impak, in die PUK-annale, was waarskynlik op die gebied van rugby. Nie alleen was hy die hart en siel van die spel op die PUK nie, maar hy het ook in die groter struktuur van die aanvanklike sub-unie en, vanaf 1920 in die volwaardige provinsiale unie, waardevolle insette gelewer.




THEOS 1912, met Duvenage as "vader"van die rugbyklub.



Uitvoerende komitee van die Wes-Transvaalse Rugby-subunie 1914. Duvenage sit links voor.

J Chris Coetzee, wat in 1912 en toe weer teen die einde van die dekade vir 'Theos' uitgedraf het, getuig nostalgies oor "die man in die hardebolkeiltjie" op die rugbyfoto van 1912: "Die hardebol sit op die slim kop van matematicus prof. A.P.C. Duvenage, die vader en die drywer van ons voetbalspan tot sy dood in Mei 1923. Hy was die voorsitter van ons Keurkomitee, afrigter van die span, die getrouste besoeker van ons wedstryde! Ons spanne is gewoonlik om 10:30 vm. op Dinsdae en Vrydae gekies in sy studiekamer met 'n koppie tee en *koek* van die gasvrye mev. Hester Duvenage.

"By ons wedstryde in die Park … was prof. Duvenage 'n vulling vir die oog. Die boonste bank van die verhoog was syne, en syne alleen. Soos die spel van oos na wes beweeg het [ja, die veld was destyds só uitgelê!], het hy op die bank van oos na wes versit. Bekend, en met liefde bekend by ons studente, was sy gespannenheid: gesweet, geskreeu, georder en gerook! Met elke wedstryd het hy 50 Springbok-sigarette gebruik (gerook, gesuig, gebreek, gekou). As ons spannetjie van die veld na die kleedkamer gaan, was hy daar om te prys en sleg te sê. Hy het nie net beter geweet nie, maar hy kon ook beter doen, self 'n goeie speler."

**Teer en jammerhartig, 'n trouhartige vriend, altyd gereed om te help waar hy kan – só is deur Postma van hom getuig. Van studentekant het die gemoed vol geskiet by sy oorlye op slegs 40-jarige ouderdom: "Ons het hom liefgehad omdat hy voor alles mens was. Mens in die kollegesaal, mens in die huis, mens in ons studentelewe, waaraan hy so 'n lewendige aandeel geneem het … Prof. Duvenage het met ons saam gelewe soos een van ons … Hy was ons vertroude vriend. Wie wat by hom aan huis was weet nie te vertel van sy opgewekte skerts? Maar wie het ook nie daar meer as eenmaal voel tril die diepe snare van 'n simpatieke siel, van 'n goedige hart, as hy so ingeleef het in elke een se moeilikhede afsonderlik. Ons mis hom … Ons mag hom nie vergeet nie."**

# 2.7 Martha Lugtenburg

## PUK SE EERSTE DAMESTUDENT



Martha Lugtenburg

**In Maart 1917 het prof Ferdinand as rektor van die Teologiese Skool half terloops en op gemoedelike wyse daarop gewys dat dit nog nooit sedert die stigting van die Teologiese Skool gebeur het dat die lesings aan die einde van die eerste kwartaal gesluit word "met so 'n groot aantal jong manne, wat dit nou vir die eerste keer wijselik geag het om hul geledere te versterk met een van die skone geslag. Ons heet haar welkom in ons midde en ons wil hoop dat haar voorbeeld navolging sal vind."**


Hierdie dame, wat inderdaad die eerste volwaardige damestudent aan die Teologiese Skool/Literariese Departement was en ook die eerste wat haar graad in 1919 aan die pasgestigte Potchefstroomse Universiteitskollege vir Kristelike Hoger Onderwys sou verwerf, was mej Martha Catharina Transvalina Lugtenburg. [Die "Transvalina"-naam was 'n patriotiese vernoeming gekoppel aan die Anglo-Boereoorlog, toe sy gebore is]

Martha Lugtenburg was 'n slimkop en voorslag-skolier aan die Potchefstroom Gimnasium, wat in 1916 haar matriekeksamen in die eersteklas geslaag het. Daarmee het sy 'n regeringsbeurs verwerf om haar studies aan die erkende Transvaalse Universiteitskollege in Pretoria te gaan voortsit. Die PUK, soos die nuwe instelling op Potchefstroom spoedig bekend sou staan, was op daardie stadium nog nie by die Universiteit van Suid-Afrika geïnkorporeer nie.

Maar nee: "Daar de beginselen van de Theol. School mijn liefde hebben", skryf haar pa in Januarie 1917 vanaf Belfast in die Oos-Transvaal, verneem hy graag of daar nie finansiële steun aan hulle verleen kan word nie sodat hy haar Potchefstroom toe kan terugstuur. Sake is gereël en in Februarie 1917 skryf sy in vir die intermediate kursus, in 1918 doen sy die BA-Junior en in 1919 die BA-Seniores (finale jaar BA). En daarmee is Martha Lugtenburg se naam onuitwisbaar gegriffel in die annale van die PUK. In 1921 was sy ingeskryf vir die onderwyskursus O.1 asook Latyn en Plantkunde, en in Junie 1921 het sy die PUK verlaat om in haar tuisomgewing te gaan skoolhou.

As student het Martha haar kant gebring. Reeds op 10 Februarie 1917 dien haar aansoek om lidmaatskap voor die bestuur van Korps Veritas Vincet en kon daar sommer al in die eerste uitgawe van die studentekoerant vir die jaar gespog word: " 'n Nuwe eer wat die korps te beurt geval het is dat ons nou die eerste dame-lid in ons midde het. Ons heet al die nuwelinge hartlik welkom in ons midde, maar biesonder onse dame-lid." Aan die einde van die jaar word daar weer gespog, deur Korpsvoorsitter ELJ Venter in sy jaaroorsig. Die 24 lede is heelwat meer as in vorige jare "en wat nog meer is, die Korps het vanjaar vir die eerste maal in sij 23 jarige bestaan een damelid, mej. M. Lugtenburg".

Al was sy die enigste roos onder die dorings, oftewel "Die Groot Eensame" soos tydgenoot Jacs van Rooy later na haar verwys, was Martha besonder gewild onder haar studentemaats (almal mans!) en het sy haar volle gewig by die studentegemeenskap ingegooi en onder meer in die tennisbestuur gedien. Sy was ook lid van die kleurekommissie wat in 1917 aangewys is om nuwe kleure vir die Teologiese Skool te verkry en het saam met LJ du Plessis en AJH



KING EDWARD STREET.

POTCHEFSTROOM.

TRANSVAAL. S.A.

27/4/1918.

Geagte Voorsitter en lede van
Die Geref. Studentekorps.


Dit spyt my baja dat ek hierie vergadering nie kan bywoon, vernamelik om dit vir my die eerste Korps vergadering van die jaar is. Maar ek gaan uit plaas toe en hoop om die volgende keer teenwoordig te wees.

Groetend,

De uwe

M. Lugtenburg.

Verskoningsbrief van 'n rolmodel-student.




Martha as enigste lid van Krops Veritas Vincet, 1919.



Willem Kruger, Martha se held.

van der Walt in 1918 die opdrag gekry om vir Korps 'n vaandel te laat maak, wat in 1919 tydens Korps se kwarteeufeesvieringe in gebruik geneem is.

Hierdie baanbreekster en rolmodel het in Maart 1922 op die jeugdige ouderdom van byna 22 jaar tragies gesterf. Jacs van Rooy roep dié gebeure later só in herinnering: "Haar verloofde was nog op die PUK, en op 'n goeie (kwade) dag kom daar vir hom 'n foonoproep. Ons wou nog draakstekerig weet waarheen is hy so vinnig op pad. Weinig weet ons dat, helaas, tragedie aan die orde was. Martha was saam met skoolkinders met die skoolkarretjie op pad. Daar het teëspoed gekom. Sy het die lewe ingeskiet. Verbysterend … Ons het nog lang daarna ons ou Maat Willem terneergedruk sien aangaan."

Dié Willem, Martha se nie-amptelike verloofde, was niemand anders nie as Willem de Klerk Kruger, briljante senter van Theos (PUK se eerste rugbyspan) en Wes-Transvaal. Van hom is gesê dat sy kombinasie met vleuel Hans Aucamp, wat in 1924 die PUK se eerste Springbok sou word teen die besoekende Britse toerspan, veel bygedra het tot laasgenoemde se faam. Hy was ook 'n ouer broer van die latere bekende prof DW Krüger en was hoof van Potchefstroom Gimnasium vanaf 1938 tot 1965. Hy het ook vir jare gedien as Raadslid van die PUK.


Volgens die doodsberig in *Die Kalvinis* (bylae tot *Het Kerkblad*) het Martha met hulle eie "spider" verongeluk toe sy en haar ma van die kerk op pad was huistoe. Sy het 'n lyding van 27 uur, "wat alleen deur morfine versag is", by vriende aan huis ervaar voordat sy met die woorde "Verlang alleen na God" gesterf het. Hoewel "haar (nog nie publiek nie) verloofde" en suster by gebrek aan 'n trein, die 73 myl vanaf Potchefstroom met 'n motor afgejaag het, het hulle te laat by haar sterfbed opgedaag.

Die begrafnis het die gemeenskap diep geruk: "Die plaselike deelneming was oorweldigend vir ons siel. Meer dan negentig kranse het haar lijkkis bedek en ongeveer duisend persone het die begrawenis bijgewoon." Die studentekoerantjie het die "treurige berig" van Martha se dood aangeteken: "Sy bly vir ons onvergeetlik."



Willem Kruger en Martha tydens 'n piekniek saam met vriende langs die Mooirivier.

**"JOU HART IS KRANK"**



**Toevallig, maar tog baie paslik verskyn die doodsberig van Martha Lugtenburg saam met 'n advertensie van Totius se digbundel "Wilgerboombogies" in *Die Kalvinis,* as bylae tot *Het Kerkblad*, in April 1922. In hierdie bundel, wat as van sy beste verse bestempel word, handel die digter oor die dood, "probeer hy [volgens CM van den Heever] afdaal in die geheimenisse van die lewe wat eers diepte en sin kry deur die begrensing van die dood". Martha was vir vier jaar skolier aan Potchefstroom Gimnasium en het ongetwyfeld ook die geheimsinnige bekoring van Potchefstroom se beroemde wilgers ervaar. Totius se verse getuig van "kennismaking met die felheid van die dood wat geliefdes wegneem, gee die onmiddellike, hewige klank aan sy vers. Die wilgerboom se bogies sing in die wind; die lied word deur die ander bome gehoor en hulle begryp: 'Jou hart is krank'." [Van den Heever] So asof dit ook dié boodskap kon uitdra aan familie en vriende, en aan al die toekomstige Pukke wie se harte krankheid kon toon uit meelewing met die vroeë dood van hierdie rolmodel.**

# 2.8 GBS ("Rabbo") Pasch

## VREESLOSE EN JOVIALE REUS



"Rabbo" Pasch

**"Saam met Ben Prinsloo was hy die langste draak van dié jaar [1933], maar onder ons bedeesdes het hierdie groot, litterige gestalte met sy dawerende stem dadelik die aandag op hom getrek – vir 'n groentjie fataal! – ek glo nie dat een van ons drake meermale as hy gepomp is nie, en dit nie omdat hy uittartend was nie, maar omdat hy vreesloos was. Dit het hom later 'n leier by uitnemendheid gemaak, 'n vreesloosheid wat hom sy hele lewe bygebly het en wat hom, gepaar met die nederigheid wat hom al meer en meer gekenmerk het, so 'n geliefde en gewaardeerde mens gemaak het en 'n GROOT mens in sy kerk en onder sy mense. Want die vreesloosheid het gewortel in 'n beginselvastheid, waarvan hy nie 'n duim gewyk het nie."**

Dié "hy" wat hierbo deur tydgenoot-student en later bekende professor, Hertzog Venter gekarakteriseer is, was Gerhardus Bartholomeus Schutteus Pasch, onder dosente en studente van sy tyd bekend as Gert of, meermale net "Rabbo", een van die kleurrykste karakters in die studentelewe van die PUK.

"Rabbo" se studenteloopbaan het in 1933 begin en is, na twee onderbrekings, sewentien jaar later – einde 1949 – beëindig toe hy as proponent van die Gereformeerde Kerk afgestudeer het. Aanvanklik ingeskryf vir teologiese studies, om in die voetspore van sy bekende dominee-pa en self een van die unieke karakters van die Teologiese Skool te Burgersdorp en in die vroeg-Potchefstroom-era, HPJ Pasch, te volg, het hy hom na sy pa se dood in 1936 tot die onderwys gewend, in 1937 die diploma verwerf en toe te Nylstroom gaan skoolhou.


As student was Pasch veelsydig en intens betrokke by studente-aktiwiteite. Vanaf 1935-1937 dien hy in die bestuur van die Afrikaanse Nasionale Studentebond (ANS), twee jaar as voorsitter, en hy is ook vir twee termyne voorsitter van die ANS-debatsvereniging. In 1936 is hy lid van die Sport- en Administratiewe Bestuur (SAB) en tree hy op as sekretaris van die Studenteraad waarvan hy in 1937 'n gewone bestuurslid is.

Hoedat hierdie "kragfiguur" reeds as groentjie aandag getrek het is ten aanvang deur Hertzog Venter uitgespel. Venter is nostalgies in sy herinneringe aan die ou vriend: "Want noú hoor jy sy dreunende stem in Heimat se gange met 'Ek hou van die **morê!'**, dan sien jy hom, as Dollie [Dollie Delaporte] se opvolger, as uitsmyter in die Hof van Hades. Julle speel weer saam voetbal en weier in die Hotel Victoria op 'n dinee saam met die Transvaalse span om op te staan as 'n heildronk op die Koning ingestel word; of julle sing dawerend in Potchefstroom se strate – ag, en baie meer ervaringe!"

Pasch was 'n uitstaande rugbyspeler. In sy tweede jaar (1934) speel hy as 18-jarige reeds vir hom 'n plek oop in die eerste span en is hy, saam met die ewe legendariese Dollie Delaport (later bestempel as een van die ongelukkigstes ooit om nie vir Suid-Afrika te speel nie) die twee "reuse" in die Theos-span. Hy verwerf verskeie kere erekleure en word in 1935 bekroon met die Goossens-Du Toit medalje vir die uitstaande speler – volgens kaptein JH Steenkamp, te danke aan sy pligsgetroue oefening. In 1936 en 1937 is hy onderkaptein vir boesemvriend-kaptein Hertzog Venter, en in dié jare draf hy ook vir die Mielieboere (Wes-Transvaal) uit. Van hom word gesê dat hy een van Wes-

Transvaal se beste spelers is, onoortreflik in die lynstane en “steunpilaar” van die span, ‘n man bestem vir hoër louere.

In sy latere lewe, skryf Pasch self, “word my bloed as het ware karringmelk en my hart ontwaak in my”, as hy aan dáárdie dae terugdink: “En ek wou dat ons weer eenmaal voor in die lynstaan kon staan net om daardie pure sensasie te beleef om die bal te vat en dit in Hertzog se hande te sit. Koninklike dae van maats wees en saamspeel – ‘n kameraadskap wat baie, baie wedstryde se saamspeel bring en Sondae-oggende met seerlywe se afpiekel kerktoe! En as ek nou die ou portrette deurblaai van al die jare, dan kom daar ‘n heimwee in my op oor al daardie dinge wat verby is! Hoe graag sou ek nie weer (met Hertzog en Piet [Bierman? Venter?] en Dollie en Dis [Badenhorst] en Flip Nel en wie nog almal?) wou opdraf met die wit streeptruie aan nie! Daardie lekker ou losmaak en koudkry en wag voor die fluitjie blaas. En die afskop met ‘n ry manne langs en agter jou wat jy ken en vertrou en wat niks weet van mekaar in die steek laat nie!”




Agter: *T. Schutte, J. S. v.d. Merwe, (Vise-Voors.), P. Badenhorst, G. Pasch (Vise-Kapt.), L. Brink, A. Viljoen, P. Venter.* Middel: *F. Snyman, P. van Heeren, Mnr. S. du Toit (Voors. en Afrigter), H. Venter (Kapt.), Prof. A. P. Goossens (Ere-President), P. Bierman (Sekr.), A. Labuschagne.* Voor: *P. Verhoef, J. Bekker, P. Nell.*

THEOS 1936.

In 1940 keer hy terug PUKtoe en skryf in vir die meestersgraad in Geskiedenis. Die bekende prof AJH van der Walt het hom bestempel as een van die belowendste studente wat die departement nog gehad het. Maar Pasch was ook ‘n vurige Afrikaner en die dramatiese wyse waarop Suid-Afrika by die Tweede Wêreldoorlog betrokke geraak het het ook sterk op hom ingewerk. Hy was sterk gekant teen oorlogsdeelname en sy uitgesprokenheid en optredes in dié verband het tot gevolg gehad dat hy gevang en, soos met ander anti-oorlogsgesindes gebeur het, geïnterneer is.

Studentemaat Hertzog Venter het sy vriend geken: “Stel jou nou voor dat Leeukop se doringdraad hierdie gees langer as ‘n paar maande kon keer.” Die omstandighede van sy inhegtenisneming en sy heldhaftige ontsnapping uit die kamp te Leeukop naby Pretoria is ook op sigself ‘n sage.


Ná die oorlog en diep onder die indruk van sy oorlogstydse ervaringe, besluit Pasch om aan sy vader se wens te voldoen en studeer gevolglik verder in teologie.

Veel ryper nou as die deursnee-student, sê Hertzog Venter, het hy sy studies met groot vrug geniet en ‘n leiersrol, die rol van “vaderlike raadgewer”, in die studentelewe gespeel. In 1946 is hy lid van die ANS-bestuur en ook voorsitter van die Studenteraad, terwyl hy in 1947 ook ‘n tyd lank as ondervoorsitter

dien. Victor d'Assonville, 'n eerstejaar in 1947 en latere SR-voorsitter, getuig later van sy plotselinge kennismaking met "die forse gestalte van wyle 'oom Rabbo' Pasch, toe alreeds 'n veteraan, nie alleen van die P.U.K. nie, maar van die interneringskamp en vier dapper jare daarbuite. Toe sy naam in 1947 op die Heimat-bord [bevattende die naamlys van SR-voorsitters] geverf word, het die standaard van dié erelys ook dadelik gestyg."

In 1945 speel Rabbo ook weer vir Theos, saam met kaptein en latere Springbokflank Basie van Wyk en voorspeler "ysters" soos Fer de Bruyn en Alwyn Malan. In 1946 en 1947 sit hy steeds op die foto, maar nou as breier van die span.

THEOS 1947 - saam met onder meer latere Springbok Basie van Wyk, as kaptein.



Agter v.l.n.r.: *F. Coetzer, D. van Niekerk, C. Niemand, F. Human, A. Malan, G. Vermeulen, P. van der Merwe (Penningmeester).* Middel v.l.n.r.: *F. G. Kuun, mnr. S. du Toit (Voorsitter), C. van Wyk (Kaptein), mnr. G. B. S. Pasch (Breier), F. de Bruin (Onder-kaptein), C. Liebenberg, L. D. J. Erasmus.* Voor v.l.n.r.: *H. L. M. du Plessis (Non-off), S. L. Vorster (Sekretaris), M. van Jaarsveldt, A. Botha, C. M. J. van Vuuren, D. Hattingh.*

Pasch as SR-voorsitter 1946.



Agter:- P. Snyman B.A. J.Henning B. Sc. (Sekr.) C.J. van Wyk, J.J. v.d. Walt B.A. W. Venter B.A. H.J.A. du Plessis B. Com. (Pgm)

Voor:- G.H.J. Kruger B.A. Mej. L.v.d Walt B.A. G.B.S. Pasch B.A. (Voors.) Mej. E.M. Venter, C. Hattingh B.A. (Ondervoors.)

Teen die einde van 1946 is Rabbo getroud met sy jeugliefde, Leenster van der Walt. Aan die einde van 1949 voltooi hy sy studies, en Hertzog Venter herinner hom nog hoe vol die kerk die aand was toe sy vriend sy proefpreek gelewer het. Vroeg in 1950 is hy as predikant te Potgietersrust bevestig. Tien jaar later, in Februarie 1960, is hy onverwags in die ouderdom van 43 jaar oorlede.

Venter getuig verder só van Pasch: "Leier was hy; net diensknег wou hy wees, en ek dink dat net diegene wat baie na aan hom geleef het, geweet het hoe klein hy hom in sy diepste wese werklik gevoel het … met 'n sterk selfondersoek, 'n nederige selfonderskatting, maar juis dit het hom sterk gemaak vir wat hy wou wees: net predikant, wat die Woord van God en die wil van God wou laat insink met woord en beeld en lied – hoe het sy singstem nie ontwikkel nie – met die krag van sy stem en met die brandende erns van onwankelbare oortuiging … Altyd was daar net die een refrein: So sê die Here! So sê die Gereformeerde beginsel!"

Venter vertel hoedat Pasch, 'n groot yweraar vir Christelike onderwys en vanselfsprekend 'n lewenslange en aktiewe vriend van die PUK, baie jare lank matrikulante met motors en bakkies vanaf Potgietersrust na Potchefstroom laat kom het om die universiteit aan hulle bekend te stel. "Toe ek die dag na sy dood in die kantoor van ons Organiseerder kom, lê daar 'n telegram van hom van die vorige dag, waarin hy finale mededelings doen in verband met 'n student wat hierheen moet kom."

**En dan kom Venter met 'n paslike slotwoord oor hierdie besondere legende in die annale van die PUK en die Teologiese Skool: "Dit is nie aan baie mense gegun om in die luttele span van 44 jaar 'n reuse-lewenstaak af te handel en heen te gaan nie. Om in 44 jaar meer in te pak en af te handel as wat baie mense in dubbel die aantal jare nie eens kan klaarkry nie, wys op hoë begenadiging en op hoë begaafdheid maar ook op 'n geweldige intensiteit van kraginspanning en verbruik van lewensenergie."**

# 2.9 DW Krüger

## “DAANTJIE DONDER”




DW Krüger

**Waar die “donder” van Daniël Wilhelmus Krüger se klassieke bynaam vandaan kom, kon nie bo alle twyfel vasgestel word nie. Een weergawe, wat nogal heelwat om die lyf het, is dat dit ‘n analoog is van sy ouer broer se bynaam, “Willem Bliksem”. In sy studentedae is daar ook van hom gepraat as “Daan de Donder”. Hoe ookal, Daantjie Krüger was ‘n man van faam.**

Pa Gert HJ Kruger van Kalkoenkrans se naam is reeds in 1916 in die PUK-annale ingegriffel met daardie uitdagende £100-skenking om die Jublileumfonds op gang te kry. Die jong Daantjie het in 1925 outomaties Willem se voetspore PUK-toe gevolg en sy BA-graad verwerf, met Geskiedenis en Staatsleer as hoofvakke. In 1928 het hy verskeie addisionele kursusse aan die Universiteit van Kaapstad tot sy kennisarsenaal gevoeg. Hy voltooi intussen sy MA-graad in Geskiedenis. Vroeg in die dertigerjare tree hy in diens van die staatsargief en bring besoek aan argiewe in Berlyn, München, Den Haag en Londen. Hy doen ook navorsing vir sy doktorsgraad en volg ‘n aantal kursusse in Geskiedenis en Volkerekunde aan die Universiteit van Berlyn.

Van Daantjie se studentelewe op die PUK is nie veel bekend nie, behalwe dat hy onder meer kaptein van die tweede rugbyspan was en dat hy een van die MFS’e (Members Flying Squad) was, die paar bevoorregtes wat fietse besit het).

In 1937 behaal Krüger sy doktorsgraad, die eerste toekenning van hierdie aard deur die PUK, en word hy ook in dieselfde jaar as dosent in Geskiedenis aan die PUK aangestel. Sy veelsydige akademiese opleiding het hom bekwaam om om ook vakke soos Staatsadministrasie, Naturelle-administrasie en Staatsleer aan te bied. Hierbenewens was Krüger nie net Engels baie goed magtig nie, maar kon hy ook Duits volkome beheer en het hy ‘n leeskennis van Frans en Portugees verwerf. Op dié wyse is die wêreld van sy geesteservaringe geweldig verbreed.



‘n Ruiker vir die legendariese Geskiedenis professor tydens ‘n spesiale huldiging kort voor sy dood.



Prof Daantjie saam met drie opvolger departementshoofde, Gert van den Bergh, JS (Faan) du Plessis en PF van der Schyff.

Sy rustelose, borrelende geaardheid voer Daantjie Krüger dikwels na die buiteland en dra hy die beeld van die PUK só uitwaarts. In 1955-56 was hy as beurshouer van die Royal Institute of International Affairs verbonde aan die Institute of Commonwealth Studies, Londen en in 1962-63 was hy vir 'n tyd lank besoekende John Hay Whitney professor aan die State University of New York.

In 1955 verteenwoordig Krüger die PUK tydens die Vrije Universiteit van Amsterdam se 75-jarige jubileum, in 1960 woon hy 'n internasionle kongres oor ontdekkingsreise in Lissabon by en in 1966 is hy afgevaardigde na die Twaalfde Internasionale Kongres oor Geskiedeniswetenskappe in Wenen.

Na sy aftrede by die PUK einde 1966, tree hy vir 'n tyd op as buitengewone professor aan die Universiteit van Suid-Afrika, waarna hy periodiek doseerwerk aan die Universiteit van Fort Hare verrig terwyl hulle op Hogsback naby Alice woonagtig was. Hy dien vir drie jaar lank as redakteur van die SA Biografiese Woordeboek, tree op sewentigjarige ouderdom vir twee jaar op as professor in Geskiedenis aan die Universiteit van die Transkei en gaan vestig hom toe op sy geboortedorp, Steynsburg, waar hy in 1981 oorlede is.

DW Krüger was een van die PUK-dosente wat "die stem van Potchefstroom" duidelik hoorbaar en leesbaar gemaak het in werke en produkte waarin die dinamiek en darteling van sy persoon ewe sterk na vore getree het. Hy was 'n prolifieke skrywer uit wie se pen oor vier dekades heen honderde artikels en bydraes van geskiedkundige aard in vak- en populêre tydskrifte verskyn het oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe: Die Groot Trek en die Voortrekkers, die vestiging van blankes in Transvaal, Geloftedag, Stellaland en Goosen, die Vierkleur, die Huis van Oranje in Suid-Afrika, die Eerste- en Tweede Vryheidsoorlog, Calvinisme, die Franse Hugenote, grepe uit die Ierse, Italiaanse, Duitse en Engelse geskiedenis, kolonialisme, die Mandaatstelsel, rasse- en kleurverhoudinge, die Protektorate, verhoudinge tussen Afrikaans- en Engelssprekendes, republiekwording, Suid-Afrika en die internasionale politiek, kerkgeskiedenis en vele meer.

Oor die jare heen verskyn daar ook 'n aantal stewige merkies op sy kerfstok van wetenskaplike publikasies, onder meer *The age of the Generals* (later herdruk *as The making of a Nation*), wat deur die vermaarde Britse historikus sir Keith Hancock hoog aangeslaan is as internasionale kennisbron oor die politieke geskiedenis van Suid-Afrika. Hy lewer ook die biografie van Paul Kruger, 'n projek wat hy van sy voorganger prof AJH van der Walt geërf het.

Maar Krüger is ook die vrolike troebadoer, wat hom nie in 'n ivoortoring opsluit of in 'n puriteinse isolasie afsonder nie. Hy voel hom aangetrokke tot die letterkunde en die musiek, hy lees wyd en sit sy hand op papier om die diep gedig van Van Wyk Louw, die "Hound of God", in prosaïse Engels om te sit. Hy deel sy ervaringe met almal wat hom lees: "Herfstyd in Duitsland", "Boere raak lui agter Ystergordyn", " 'n Afrikaner besoek die Rooi Paradys", "Oujaarsaand in Londen", "An Afrikaner looks at London", 'n pakkende reeks oor die Duitse duikboot, ens.

In sy vakbeoefening het Krüger 'n hoë premie geplaas op objektiwiteit, maar die mens se beperkinge besef: "Dit is die sterre waarna die stuurman sy koers moet rig, sonder om hom in te beeld dat hy hulle ooit kan bereik ... Ons moet hier [in Suid-Afrika] miskien meer as elders begrypend teenoor die verlede staan, geen feite verontagsaam nie maar moedig die waarheid verkondig steeds bewus van ons eie beperkinge as produkte van ons tyd en omgewing, maar steeds strewend om ons daarbo te verhef, en mild in ons oordele te wees."

"Daantjie Donder" was een van die unieke karakters van die PUK. Met sy kort, bondige figuur, haastige stappie en lispel-tongval het hy oral waar hy gaan aandag getrek. Met sy wye algemene kennis het hy in enige geselskap spoedig die middelpunt gevorm, en sy unieke segswyses en uitdrukkinge is met smaak van mond tot mond aangegee. Soos in 1940, tydens die sodate-aanval op die PUK in Augustus 1940. Net ná die oproer het hy haastig en opgewonde op die kampus aangekom en by die eerste groepie studente wat hy teëkom, die vraag gelispel: "Wath die blikthem gaan hier aan?"

In die sestigerjare stap Daantjie en medelid van die Argiefkommissie, prof Piet ("Vark") van der Merwe van Stellenbosch tydens 'n etenspouse in Adderleystraat. Om met aandele te speel was op daardie stadium die "in"-ding, mense het sommer oornag vet winste gemaak. Piet probeer om vir Daantjie te oorreed om aandele te koop. Daantjie gaan staan stil, en Piet stop ook in sy spore. "Sien jy die OK dáár?", en hy wys so na die oorkant van die breë straat. "Ja-a-a?', kom dit half-vriend van Piet. Daantjie vroetel in sy sak, haal 'n R10-noot uit. "Dé, gaan koop vir jou een van daardie handspieëls – dis 'n makliker manier om jou gaai te sien!"

In 1966 het professor Krüger 'n internasionale kongres van historici te Weenen bygewoon.




In geskiedeniskringe word ook met smaak oorvertel hoe hy kollega professor CJ Uys van Kovsies op 'n keer getroef het. Soos hyself, het Uys ook besonder belang gestel in die lewe van Paul Kruger. Maar Uys was ook 'n man wat graag gevestigde opvattinge tot mites verklaar het.

Historici is maar jaloers op hul inligting, want 'n man se donder word sommer maklik gesteel en as eie uitvindinge geprojekteer. So rig Uys op 'n dag 'n brief aan Daantjie en sê dat hy oor onweerlegbare getuienis beskik dat Paul Kruger nie op Bulhoek nie, maar op Vaalbank in die Venterstad-distrik gebore is. Wat sê sy kollega daarvan? wou hy van Krüger weet.

Krüger was nie op sy bek geval nie: "As dit dan so is, beskik ek oor onweerlegbare getuienis dat Paul Kruger se ma nie tydens die bevalling aanwesig was nie."!

**Dit was Daantjie Krüger op sy allerbeste: vlug van denke, ratse voetwerk, absoluut raak uitdrukkings wat studente en gehore aan sy lippe laat hang het. 'n Man wat geskiedenis deur die gesproke woord, in lesinglokale en in toesprake, laat lewe het en kleur gegee het. 'n Legende in sy eie tyd al …**



In gesellige luim tydens die kongres te Weenen, 1966.

# 2.10 HJJ (Hennie) Bingle

## "KLIPOOG"



HJJ Bingle

**"Bingle die bestuurskundige, het met verbeeldingryke beplanning, deeglike kontrole, verantwoordelike finansbestuur en gesonde koördinasie die PU 'n kerngesonde bedryf gemaak wat in grootte en belangrikheid toegeneem het. Oral is sy stempel gedruk, want oor die hele spektrum van die Universiteit het hy inspraak gehad. As leier het hy alles en almal met stywe leisels gelei. Al die drade het na sy stoel geloop. En daarom kan ons vanaand die werke van sy hand met trots aanskou. 'n Groot Universiteit. 'n Sterk status-Universiteit. 'n Goed-georganiseerde Universiteit. Daarvoor verdien hy almal se handdruk en 'n woord van groot waardering."**

Só getuig kanselier Jan de Klerk op 20 April 1977, by 'n afskeidsfunksie vir die uittredende rektor van die PUK, prof HJJ (Hennie) Bingle. Daarmee is, in min woorde, eintlik alles gesê oor die plek en rol van hierdie merkwaardige figuur in die annale van die PUK.

"As 'n mens nie presies seker is wat jy van iemand by 'n huldigingstoespraak moet sê nie, doen jy die volgende: Jy vertel waar hy gebore is, waar hy skool gegaan en studeer het. Wat sy akademiese kwalifikasies is. Hoeveel kinders hy het. Aan watter organisasies hy behoort. En nog so 'n klomp besonderhede en statistieke van sy lewensloop.

"Dit doen ek nie as ek vanaand oor Hennie Bingle moet praat nie, want ek weet presies wat ek wil sê. Ek begin by sy blou oë – skerp, blitsend, deurdringend. En dan weet jy dat jy met 'n kwaai man te doen het wat hom nie laat gesê nie, weinig teenstand duld en geen doekies omdraai nie. Ek het egter ook al dieselfde blou oë vol trane gesien. Hy is ook 'n man met hart, emosie, mededoë en mildheid. Dié twee kwaliteite – ongenaakbare beslistheid en medemenslike deernis – is persoonlikheidstrekke wat hom 'n buitengewone leier gemaak het."

'n Beter waardering van die rol en plek van Hennie ("Klipoog") Bingle in die annale van die PUK as dié wat daardie aand deur De Klerk voorgehou is kan daar nie. Maar dit is tog nodig om in 'n werk soos hierdie 'n aantal toevoegings te maak ter verdere ondersteuning van die kanselier se huldeblyk.

Kanselier De Klerk verwys na Bingle se "gewortheldheid van Afrikanerskap wat taai soos 'n besembos is", en Hennie Bingle spog self ook alte graag met sy herkoms, dáár vanuit die Noord-Oos Kaap – met die vier families wat die kern van die samelewing aldaar uitgemaak het en wie se bloed in feitlik almal wat vandaar kom, vloei: die Krugers, die Van der Walts, die Coetzees en die Venters. As predikantseun gebore in 1910 te Colesberg loop die bloed van die Coetzees en Krugers dik in sy eie are. "Daardie mense was Dordt mense – die Sinode van Dordrecht se mense", wie se lewenswandel gebaseer was op die gereformeerde belydenis soos saamgevat in die Drie Formuliere van Enigheid.

"Kleinbingle", soos hy ook as student bekend was, was vanaf 1928 tot 1931 student aan die PUK, waar hy hom as onderwyser bekwaam het. As student het die jong Bingle 'n doodgewone loopbaan gehad. Vanaf 1929 tot 1931 speel hy vir Theos, die PUK se eerste rugbyspan. Deur beserings gekortwiek,



Studenteraad 1930. Agter: M Postma, HJJ Bingle, JF du Plooy en CJ Malan. Voor: JM le Roux, RJ de Klerk en JP Bingle.

help hy by tye ook uit by die tweedespan of "Navy", soos hierdie span vanaf 1930 bekend gestaan het. In 1930 is hy lid van die Besembos-bestuur en penningmeester van die Studenteraad. In 1931 pryk hy ook op die foto van die eerste tennisspan.

Deur nagraadse studies behaal hy die grade MEd (1934) en DPhil (1940) en onderskei hy hom by verskillende skole as onderwyser by uitnemendheid. In 1946 word hy as senior lektor in Opvoedkunde aan die PUK benoem, in 1950 tot professor bevorder. Sy kundigheid en vermoëns word deur rektor Postma erken en as sekretaris van die komitee wat die verrigtinge hanteer, is hy die hart en siel van die luisterryke feesvieringe tydens onafhanklikheidswording van die PUK op 14-17 Maart. In 1964 volg hy prof J Chris Coetzee op as rektor van hierdie inrigting en dien hy vir byna 14 jaar lank in dié hoedanigheid.

Bingle het nie na binne geleef, hom op die kampus laat vasvang nie. Nee, sê De Klerk: "Hy was uitgaande. 'n Gesant. Sy Universiteit het hy oor die Mooirivier se walle gestoot deur sy saak te gaan bemark oor die lengte en breedte van ons land. Hierdie uitwaartse beweging van prof. Bingle het die Universiteit se invloed, sy vriende, sy bewonderaars, op groot skaal uitgebrei."

Sy rektorskap word veral gekenmerk deur wat genoem is die propagering van die prinsipiële invloed van die Christelike wetenskap nasionaal en internasionaal en "sy onvermoeide selfopgelegde taak om Christelike wetenskap intern te bevorder". Deur uitgebreide bouprojekte en intensiewe terreinontwikkeling het die kampus 'n drastiese transformasie ondergaan, terwyl die aantal studente byna verdriedubbel en die personeel in sy termyn ook dramaties gegroei het.


Kanselier De Klerk het ook verwys na "Bingle die Afrikaner Calvinis, wat die PUK steeds op die wortels laat groei het: die Christelike wetenskap en lewensstyl, en die Afrikaanse hartstog."

Na buite was Bingle onder meer lid van die Eerste Minister se Wetenskaplike Adviesraad, lid en 'n tyd lank voorsitter van die Nasionale Adviserende Onderwysraad en eerste voorsitter van die daaruitvloeiende Nasionale Adviserende Onderwysraad. De Klerk, as destydse minister van Onderwys, het hom as belangrikste ontwerper van die Onderwyswet van 1967 en 1969 bestempel, wat onder meer grondliggende werk ten opsigte van


Tydens Inhuldiging van FW de Klerk as kanselier van die PUK.



Saam met sy eggenote voor hul huis op Schaapkraal.



Prof Bingle oorhandig sy selfgemaakte staanhorlosie aan prof Carools Reinecke, rektor van die PUK.



godsdiensonderrig gelewer het.. Hy het ook ‘n groot rol gespeel in die Van Wyk de Vries-kommissie van ondersoek na die Universiteitswese.

Bingle, wat vanaf 1981 tot 1991 as kanselier van die PUK gedien het, het ook die Staatspresident se Dekorasie vir Voortreflike Diens ontvang (1980) en is ‘n eredoktor van sy Alma Mater (1981). Die PUK se Kanseliersmedalje is in Maart 2001 aan hom toegeken.

**Na sy aftrede het prof Bingle ‘n tyd lank gaan boer, op sy plaas Schaapkraal in Lydenburg se omgewing, en het hy sy ander stokperdjie, houtwerk, beoefen. ‘n Pragtige staanhorlosie met ‘n besondere simboliek wat deur hom gemaak is, is aan die PUK geskenk en pryk in die Rektorslokaal.**

# 2.11 WJ ("Wimpie") de Klerk

## PA VAN "VERLIG EN VERKRAMP"




WJ de Klerk

**Willem of "Wimpie" de Klerk, op daardie stadium departementshoof van Etiek en Logika aan die PUK, se naam sal in die annale voortleef as die skepper van die terme "verlig" en "verkramp" vir die karakterisering van die Afrikaner.**

Hoewel hy later ontken het dat hy Afrikaners in groepe wou opdeel, het De Klerk met hierdie veelbespoke toespraak van hom voor 'n SABRA-jeugkongres in 1966 as 't ware olie op die reeds-brandende vuur van verdeeldheid in Afrikanergeledere gegooi en is etikette ontwerp wat voortaan handig gebruik sou word om die wig dieper in te dryf. In die proses en oor jare heen het die essensie van sy destyds fel omstrede toespraak verlore geraak: hy het sowel "verkramp" as "verlig" as destydse vyande bestempel "wat ons roeping in die volkslewe bedreig", en die pad aangewys met 'n derde denkraamwerk, naamlik "die van verantwoordelike denke".


Willem de Klerk was die seun van Jan de Klerk, SVR-voorsitter van die PUK in 1925 en 'n latere kanselier van die inrigting, en kleinseun van ds WJ de Klerk, legendariese eerste registrateur van die PUK vanaf 1919-1927. Reeds as student in die laat veertigerjare het hy sy merk gemaak as welsprekende en dinamiese studenteleier: voorsitter ANS-bestuur en Toneelvereniging, ondervoorsitter ABKK, redaksielid *Die Besembos*. Die volgende jaar is dit leier Vreugdedag, Hoofbestuur ASB en lid van die Studenteraad en dan, in 1950, beklee hy, soos sy pa toentertyd, die voorsitterstoel van die studente se hoogste bestuursliggaam.




Die PUK studenteblad se siening van "Verlig en Verkramp".

As studenteleier is De Klerk baie gewild en spel hy sy en ander leiers se taak uit as "om 'n studentemassa te inspireer en te lei tot voordeel van ons inrigting en tot uitbouing en verwesenliking van ons ideale en beginsels ... om jaloers te waak oor die P.U.K. en sy beginsels". Hierdie beginsels word onomwonde aangedui as 'n "Christelike wetenskapsbeoefening en 'n lewensstyl wat deurgloeid en deurleefd is van Calvinisme", die verwesenliking van Christelik-Nasionale onderwys in die praktyk, vryheid om God en volk met krag en besieling te dien. De Klerk het veral op interuniversitêre vlak, waar in hierdie tyd ernstige verskille oor apartheid gewoed het, sterk standpunt ingeneem dat kompromieë nie aangegaan mag word nie. **[Kyk ook 1.2.9.]**

Nadat hy afstudeer het, was De Klerk vir 'n klompie jare predikant voordat hy in 1965 as professor in Interfakultêre Wysbegeerte aan die PUK aangestel is. In 1973 word hy hoofredakteur van *Die Transvaler*, en bevredig daarmee die derde van sy drie beroepsvoorliefdes, naamlik die politiek (die ander twee synde teologie en akademie). Met die uittrede van prof Bingle in 1977 word hy as rektor aangewys, maar verkies om sy rol as politieke meningvormer in 'n politiek-gistende Suid-Afrika voort te sit, en wys gevolglik dié hoë eer van die hand.




Prof Willem de Klerk saam met proff Hennie Bingle, Benoni Duvenage en Tjaart van der Walt.

Willem de Klerk het later hoofredakteur geword van die Sondagblad *Rapport* en in dié hoedanigheid, maar ook deur twee boeke en baie openbare optredes het hy 'n sterk bondgenoot geword in die stryd om vernuwing in Suid-Afrika, waarin broer FW so 'n deurslaggewende rol gespeel het. Vanaf 1987 was hy professor in Kommunikasiekunde aan die Randse Afrikaanse Universiteit en het hy oor 'n breë front as politieke kommentator en konsultant opgetree. Hy was ook lank 'n raadslid van die PUK.

# 2.12 Tjaart van der Walt

## "DANKIE TJAART!"

**"Oor minder as 'n maand sal een van die persone wat die langste en hardste skof in die studentelewe van die P.U. vir C.H.O. agter die rug het, die tuig neerlê. Alleen die toekoms kan leer in welke mate hy 'n blywende stempel afgedruk het op die terreine wat hom so na aan die hart gelê het … Tjaart van der Walt."**




Tjaart van der Walt

Onder die opskrif " Dankie Tjaart" het *Die Wapad* in Augustus 1957 hulde gebring aan een van die knapste en merkwaardigste persoonlikhede in die geskiedenis van die PUK in die tweede helfte van die twintigste eeu, 'n man wat, volgens die blad, talryke eienskappe besit wat hom van die gewone mens onderskei. Dit was eienskappe wat hom aanvanklik as studenteleier maar later ook as grootbaas van die PUK in sy totaliteit tot 'n legende verhef het.

"Die gemiddelde student", sê die studenteblad, "sal hom altyd waardeer as die kalm persoonlikheid wat op 'n massavergadering met die grootste gemak en takt elke situasie hanteer. Veral kenmerkend was die wyse waarop hy altyd aan die minderheid geleentheid gegee het om hul saak te stel. Daarna het hy die deeglik-bespreekte saak op sy sistematiese manier saamgevat, en hier en daar ter opheldering van 'n puntjie iets bygevoeg. Wanneer hy self aan die woord is, was hy die spreker wat kon meevoer en oortuig, wat sy argument stap vir stap en klinkklaar stel en op die ou end kry wat hy vra."

Hierdie penskets sou ook nommerpas kon wees op Tjaart van der Walt as rektor van die PUK, in die tydperk 1978 tot 1988, veral die terme "kalm persoonlikheid wat … met die grootste gemak en takt elke situasie hanteer" en "spreker wat kon meevoer en oortuig, wat sy argument stap vir stap en klinkklaar stel …".

Blaai 'n mens terug in die annale van die studentelewe aan die PUK, tref jy Tjaart van der Walt in 1953 aan as voorsitter van die Skaakklub en ondervoorsitter van die ABKK, vanwaar hy dan ook plek inneem op die Studenteraad vir die termyn 1953-54. Hy verskyn ook op die 0nder-19A rugbyfoto, saam met latere PUK-rugbyreuse soos Klein-Dick Putter, Dewey de Wet, Billy Duvenage en Wynand Putter. Hy gee egter sy SR-lidmaatskap prys toe hy vroeg in 1954 oorskuif na die Universiteit van die Witwatersrand, waar hy aan die einde van 1954 die Honneurs-BA in Klassieke Tale verwerf – net soos die BA vroeër, met onderskeiding.



Tjaart as student.

In 1955 beklee hy 'n tydelike doseerpos, in Grieks, aan die PUK maar sit ook sy studies voort. Dat hy teen hierdie tyd reeds sy merk gemaak het, blyk uit die feit dat hy teen die einde van hierdie jaar as voorsitter van die Studenteraad aangewys word – skynbaar sonder dat hy in die voorafgaande termyn op die bestuur van enige vereniging gedien het. Wat wel soos 'n paal bo water gestaan het, was sy welsprekenheid – soos blyk uit sy wenslag van 'n redenaarskompetisie vroeg in die jaar en sy bydraes in die verrigtinge van die debatsvereniging.

Dat Tjaart in sy 1955-56 termyn sy merk gemaak het, blyk duidelik uit die gees wat tydens die volgende verkiesing van SR-lede geheers het: "Oorweldigende applous en dawerende toejuiging het die aankondiging dat mnr. Tjaart van der Walt vir die tweede agtereenvolgende jaar tot voorsitter van die Studenteraad




Tjaart van der Walt, tweede van regs (agter) as lid van die onder-19A rugbyspan.

van die P.U. vir C.H.O. verkies is, begroet tydens die massavergadering wat op Donderdag 13 September in die Totius-Gedenksaal gehou is."

Sy tweejarige ampstermyn is gekenmerk deur grootskaalse herorganisasie van die studentelewe, waarin hy 'n leeue-aandeel gehad het en wat buitengewoon knap deur hom bestuur is. Alle konstitusies en reglemente is na inhoud en bewoording indringend hersien en onderling gekoördineer, terwyl ook die finansiële stelsel grondig hersien is vir "lekplekkies wat nog toegestop moet word". Daar is groot klem gelê op deeglike kontrole, om te voorkom dat studente-eiendom verwaarloos of dalk selfs verdwyn.

Onder Tjaart se leiding is die warm patat van ontgroening ook later in 1956 hanteer en sou daar voortaan meer aandag aan opvoedkundigfe fasette gegee word, terwyl doeltreffender maatreëls teen misbruike van eerstejaars ingestel is. Wat bestuursopset betref is oorgegaan tot desentralisasie ten einde die groot las van die SR en sy dagbestuur te verlig. Verdere konstitusionele veranderings is aangebring, en is onder meer bepaal dat die dagbestuur van die SR voortaan deur die massa aangewys sou word uit tweetalle wat deur 'n kieskollege saamgestel word. Ook sou die hoofdame voortaan sitting op die SR hê.

Tjaart was vir sy tyd 'n groot aanhanger van die deesdaagse "in"-verskynsel van deursigtigheid, het daarin geglo om sy mense saam met hom te neem. Vandaar sy hantering van 'n gereelde rubriek in die studentekoerant onder die opskrif "Van Studenteraadsweë", waarin hy breedvoerig oor aktuele sake met die massa in gesprek getree het.

As studenteleier het Tjaart van der Walt die verbeelding van sy medestudente aangegryp, is hy geloof as *"die krag in ons studentelewe"*. Wat sy medestudente intens betower het, was die entoesiastiese wyse waarop hy met die PUK-massa voor intervarsity vereenselwig het en betrokke was by die dirigentskakery (UKOVS se "Tampan") in 1957. **[Kyk 1.6.5.]** Sy opvolger as SR-voorsitter, Dirk Postma, het groot lof gehad vir "die gawe om op verstandige wyse te argumenteer, op taktiese wyse te kritiseer, op diplomatiese wyse nuwe sake aan te pak" en dit as redes vir Tjaart se sukses op veelvuldige terreine aangestip.

Te midde van al sy bedrywighede as studenteleier het Tjaart in 1955 met Teologiese studies begin en in die loop van 1957 ook sy Honneurs-BA in Semitiese Tale met onderskeiding afgelê. In 1958 behaal hy boonop die ThB-graad. In 1962 het hy 'n doktorsgraad in die teologie te Kampen, Nederland verwerf.

Voorblad-opskrif Die Wapad



# Tjaart van der Walt herkies tot S.R.-Voorsitter

## *Geesdrif loop hoog in verkiesingsweek.*

'n Oorweldigende en dawerende toejuiging het die aankondiging dat mnr. Tjaart van der Walt vir die tweede agtereenvolgende jaar tot voorsitter van die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O. herkies is, begroet tydens die massavergadering wat op Donderdag 13 September in die Totius-Gedenksaal gehou is.

Die applous was eweneens luid vir die nuwe ondervoorsitter, mnr. Dirk Postma, die nuwe sekretaris, mnr. Peet Duvenage, die onder-sekretaris, mnr. H. J. van der Walt (jnr.) en die nuwe penningmeester, mnr. Hendrik Erasmus, terwyl die damestudente hartlik en spontaan gejuig het nadat hulle mej. Cecile Smit tot hoofdame van die P.U. verkies het.

rig deur Pukke wat hulle studies aan die einde van die jaar voltooi, onder andere deur mnre. Bouwie de Klerk, J. J. A. Steenkamp en mejj. Marieta du Plessis, E. Geertsema en B. Linde.

Na voltooiing van sy studies aan die PUK het Tjaart van der Walt as predikant gedien voordat hy as professor aan die Teologiese Skool aangestel is. Hy tree in die jare 1971-1973 op as rektor van dié inrigting en word teen die einde van 1977 benoem as nuwe rektor van die PUK, in die plek van prof Hennie Bingle. Na twee termyne tree hy aan die einde van 1988 uit, om eers in die sakewêreld en daarna vir 'n tyd lank as hoof van die RGN op te tree.

As PUK-rektor het Tjaart van der Walt, met dieselfde kwaliteite wat hy reeds as student getoon het, hom as meester van die spreekkuns en ongeëwenaarde taktikus in die hantering van mense bewys. Ook op organisatoriese gebied het Tjaart weer, soos tydens sy studentejare, sy stempel afgedruk en op velerlei terreine vir vaartbelyning en doeltreffende funksionering van die PUK-masjien gesorg.

Prof Tjaart met sy nuwe Topbestuur, 1979: Proff JS du Plessis, HC van Rooy en NJ Swart.



Soos tydens sy SR-voorsitterskap, het Tjaart as rektor indringende ondersoeke na die doeltreffende funksionering van die PUK van stapel gestuur rakende die bestuur van die PUK, sy beeld na buiite, die studentelewe, sport, terreinontwikkeling en die inrigting se Christelike karakter. Deelnemende bestuur is bevorder deur die instelling van 'n bestuurskomitee terwyl kundiges se hulp gebruik en bestuur is om 'n langtermyn-ontwikkelingsplan daar te stel. "Sy gewildheid as leier na binne en sy sukses as beelddraer van die PUK na buite was een van die grootste kenmerke van sy ampstermyn. Sy uitgesproke standpunt was dat die PUK onvoorwaardelik Christelik en onbeskaamd Afrikaans moet wees."

By sy uittrede, in “Portret van ‘n Rektor” in die studentejaarblad, gee Ina Strydom ‘n kernagtige samevatting van wie en wat Tjaart van der Walt was:

“ ‘Rector Magnificus’ het die Kanselier hom genoem. Beeldbouer, nuusmaker, padbouer, dit was hy. Ook teoloog, akademikus, kultuuryweraar, bestuurder. Méns.

“Prof Tjaart. Hoe verbeeld ‘n mens die spreekwoordelike man van twaalf talente en dertien suksesse? Hoe laat ‘n mens in ‘n huldeblyk reg geskied aan ‘n man van soveel fasette?

“Vir die studente was hy altyd ‘prof. Tjaart’, nooit formeel ‘professor van der Walt’ nie. Met reg ook, want dit was hy wat die gesinskarakter van die PUK uitgebou het. Hy was die pa van die PUK-gesin.

“Hy was die man wat na ‘n Alabamavertoning saam met hulle op die verhoog in ‘n kring gaan sing het. Hy was die man wat voor Intervarsity ‘Groot Brag’ toe gekom het – altyd met ‘n wenboodskap: wen op die veld, já, maar wen verál op die pawiljoen.

“Prof Tjaart het waarskynlik meer as enigiemand anders gedoen om die PUK se beeld na buite uit te dra. Hy het ook die Christelike karakter van die Universiteit uitgebou, waar hy ookal opgetree het.; op televisie, in die koerante, oor die radio het hy dìt wat vir die Universiteit dierbaar is, uitgebou.


“Sy spreuke is so bekend soos hyself. Met sy intreerede as rektor … het prof Tjaart ‘n leuse geskep: ‘Die PUK is onvoorwaardelik Christelik, onbeskaamd Afrikaans.’ En uit dié beginsel het hy die PUK gelei. Hiervoor het hy hom altyd beywer ...

**“Prof. Tjaart is ‘n besonderse mens. Hy was ‘n besonderse rektor. Op sy charismatiese manier kon hy mense bymekaar bring en bymekaar hou. Hy kon hulle inspireer en besiel. Hy kon hulle sáám met hom neem.”**



# 2.13 André P Brink

## "DIE BEGIN VAN VEEL GROTER DINGE"



André P Brink

**André P Brink se eerstelingdrama, getiteld *Die Band om ons Harte*, is deur die Afrikaanse Pers boekhandel vir publikasie aanvaar.**

**Dit sê 'n piepklein beriggie in *Die Wapad* se uitgawe van 16 Mei 1957, te midde van nuus oor die opspraakwekkende kaping van die Kovsie-dirigent "Tampan" en oor die komende intervarsity teen die Bloemfonteinse studente. Hy word van harte geluk gewens en die hoop uitgespreek "dat dit maar die begin is van veel groter dinge".**

**En inderdaad, dit was toe ook só: die begin van veel groter dinge vir hierdie slimkop Puk-student met sy indrukwekkende studente-CV.**

In 1955 behaal hy sy BA-graad met onderskeiding in al drie hoofvakke en in 1956 en 1957 is dit maar weer dieselfde storie, met Honneurs-BA in Engels en die UOD. In 1958 het hy sy MA-verhandeling in Engels en ook die Honneurs-eksamen in Afrikaans met lof geslaag, en in 1959 voeg hy ook die MA-graad in Afrikaans (onderskeiding) tot sy lang lys van akademiese prestasies. Maar André was nie net 'n boekwurm nie; nee, hy het ook lewendige belangstelling getoon vir en 'n leidende aandeel geneem in die georganiseerde studentelewe – onder meer as voorsitter van die Ontspanningskomitee en die PU-Musiekvereninging, sekretaris van Thalia Toneelgeselskap en lid van die Besembos-redaksie. In sy derde jaar behaal hy die tweede plek in 'n redenaarskompetisie, teen manne soos Tjaart van der Walt (eerste) en Johan van der Vyver (derde). Hy was ook voorsitter van die Estrarte Letterkundige Vereniging en vir drie jaar lank voorsitter van die Potchefstroomse tak van die Afrikaanse Skrywerskring en het deeltydse doseerwerk verrig in die departement Afrikaans-Nederlands.

Nogal vreemd dat hy nie die SR gehaal het nie …

Skaars drie maande na die berig in *Die Wapad* verskyn daar 'n effens voller berig met groter opskrif: "Jong skrywer oes weereens lof in". Hierdie keer het Brink 'n tweede prys verower in 'n landswye historiese roman-kompetisie, met sy werk *Die Gebondenes*. Die roman is gebaseer op die Franse filosoof Rousseau se uitspraak dat die mens vry gebore is maar oral deur bande geknel word. Sy inskrywing het, volgens beoordelaar dr GS Nienaber, bo al die ander uitgemunt en die eerste plek is misgeloop bloot net omdat hy sy historiese stof net as agtergrond en nie as kerntema gebruik het nie. So ietwat terloops meld hierdie beriggie dat Brink reeds die vorige jaar 'n soortgelyke prys gewen het met 'n gesinsroman.

In dieselfde uitgawe van die studentekoerant verskyn daar 'n byna profetiese pleidooi uit die jong student se pen, met die insiggewende pleidooi: "GEVRA: 'n paar skrywers". In sy artikel dui Brink aan welke groot leemte daar in die Afrikaanse prosakuns bestaan, veral na die dood van CM van den Heever en Jochem van Bruggen, en dui hy ook koers en rigting aan vir die vul van hierdie leemte. Hy waarsku: "As daar nie binnekort iets groots na vore kom nie, gaan ons prosa 'n knou kry waarvan hy nie góu gaan herstel nie."

Byna-byna kan ‘n mens dit bestempel as die “geloofsbelydenis” of koersaanduiding van hierdie jong skrywer-in-wording, en verskaf hierdie jeugartikel ‘n verrassende blik op die ontluikende en later beroemde sestiger-romanskrywer self, veral as jy Brink se destydse beredenering en sy wenke vir die oplossing van die probleem in ag neem.



PUK Debatsbestuur en Sprekers, 1955. Agter: AP Brink, JD van der Vyver, PJ de Bruyn en T van der Walt. Voor: Mej M du Plessis, EJ Smit, mej E Kruger, GN van den Berg en mej B Snyman.

Kyk wat skryf hy:

“As in gedagte gehou word watter enorme opbloei die jongste Wêreldoorlog in haas alle Westerse lande in die prosa gebring het – ek dink veral aan Amerika, Frankryk, Nederland, Engeland – is die kwynende bestaan van ons eie prosa des te meer benouend. Dit skyn of ons hier te lande die wêreld met sy belewenisse aan ons laat verbygaan; ons is nog te behep met ons kleurstryd, ons Sappigheid en Nattigheid, ons Afrikaanse prestige om die blik verder te gooi en om uit die dinge om ons en in ons dit te neem en te herskep wat blywend is.

“Laat dit dan maar gesê word: ons is te adolessent om ryp te kan waarneem, uit onsself en oor onsself. Ons is nog te bang om seer te maak, te bang om geprik te word, te bang om aanstoot te gee – en les bes, te bang om groot te word.

“En voor ons as volk volwasse is, kan daar nie uit ons midde skrywers verwag word om blywende werk te lewer nie, omdat ‘n skrywer in hoë mate gevorm word deur die volk waarin hy hom bevind.

“Die behoefte is dringend, maar dis nie in die eerste instansie ‘n behoefte aan skrywers nie: dis ‘n behoefte aan ‘n geestelik volwasse volk uit wie en vir wie daar geskryf kan word.”

Siedaar, ‘n bloudruk vir die toetrede van die Sestigers tot die toneel van die Afrikaanse prosakuns – met André Brink as ‘n vroeë voorloper en koersaanduider vanaf die PUK-kampus.

Behalwe bogenoemde artikel, het Brink ook in verskeie ander bydraes in die studente-jaarblad getoon dat hier iets aan die ontwikkel was: In 1955 is dit “Ewewig in Alleenheid”, en die volgende jaar “By die herlees van ‘DIE

Samestelling van titels van skryfwerk as student.


LETTERKUNDE EN GESKIEDENIS

André P. Brink

Die outonome vers

DIE BESEMBOS

EWEWIG IN ALLEENHEID

deur ANDRE P. BRINK

„Als is enkeld, als verlang
Na heelal en na samehang . . .

By die herlees van „DIE WOLKEMAKER"

DIE BESEMBOS

Letterkunde en Kuns.

Jou Motorsleutels!

deur André P. Brink.

André P. Brink

ROY CAMPBELL

A SHORT ATTEMPT AT AN EVALUATION

The South African and most of the English literary world was shocked by the sudden death of Roy Campbell during April of this year. It is remarkable — and lamentable — that very

It is interesting to trace a much similar tendency in the poetry of Francis Carey Slater, another major English South African poet; on the other hand, a comparison with the Dutch poet Gossaert would not be unrewarding.

Closely related to Campbell's love of superlatives is his obsession with primal colours, especially red and gold:

DIE BESEMBOS

Kring en halwe Kring

Deur A. P. Brink

WOLKEMAKER' " ('n kritiese evaluering van WA de Klerk se werk) en "Gedagtes oor Kuns". In 1957 handel hy oor "Die outonome vers" en "Die besondere probleme van die skrywer in Suid-Afrika". Moeilik om te glo, as 'n mens die latere politieke klimaat van sy latere bydraes in ag neem, maar in 1957 het Brink ook 'n pleidooi gelewer vir "Christelik-Nasionale Onderwys in Suid-Afrika". Die briljante potensiaal wat uit van hierdie bydraes straal kan nie misgekyk word nie.

Ná sy PUK-jare het André vir 'n tyd lank aan die Sorbonne Universiteit in Parys, Frankryk studeer voordat hy vanaf 1961 as dosent en later as professor aan die Universiteit van Rhodes, Grahamstad werksaam was. Hier het hy ook in 1975 sy doktorsgraad verwerf. Vanaf 1991 is hy hoogleraar in Engels aan die Universiteit van Kaapstad.

Maar dit was veral sy skryftalent, wat reeds so sterk op die PUK na vore gekom het, wat van André P Brink spoedig 'n huishoudelike naam in die literatuurwêreld maar ook by die gewone lesende publiek gemaak het. Sy penneprodukte het gestaan in die teken van die modernistiese Europese romans en het, volgens een kenner, 'n radikale verandering in die benadering



ABKK 1958. Agter: PW Bingle, JH Els, CL Sander, W Grobler, AGS Yssel en PJ Coetzee. Voor: I van der Walt, MPA van der Walt, SPB Buys, AN Helberg, W de Vos en AP Brink.

tot die romankuns en tot die menslike bestaan vertoon. Daarby het hy 'n groot rol gespeel in die bevordering van die vernuwingstrewe by 'n nuwe, jonger geslag skrywers en het sy teoretiese en polemiese formulerings gehelp om die sogenaamde sestiger-beweging op gang te kry en op koers te hou.


Met "Lobola vir die lewe" (1962) het Brink opslae gemaak en 'n hewige polemiek ontlok, veral oor sy onbeskaamde hantering van die seksuele in die roman. Die advertensie van die boek het ook die redaksie van *Die Besembos* in 1963 na die pen laat gryp om hierdie oud-student en "vandag 'n omstrede skrywer, met baie aanhangers en teenstanders", as mens aan lesers bekend te stel. Daar is effens langtand toegegee dat die boek 'n keerpunt in die Afrikaanse letterkunde kan wees, maar daar is ook gewys op die teenstand onder baie Afrikaners "want hulle voel dat die roman hulle Afrikanergevoel en hul moraal skaad".


Dit was duidelik dat hierdie boek wel 'n keerpunt in die Afrikaanse letterkunde gebring het – daardie keerpunt wat Brink reeds as student aan die PUK so broodnodig geag het vir die voortbestaan van die Afrikaanse prosa. Toe hy gesê het: "Ons is nog te bang om seer te maak, te bang om geprik te word, te bang om aanstoot te gee – en les bes, te bang om groot te word."


Die polemiek wat "Lobola" ontlok het het getoon dat André bereid was om die swaard op te neem: nie te bang om seer te maak nie, te bang om te prik nie, te bang om groot te word nie. Dit is duidelik dat André sy fokuspunt van 1957 verskuif het. As die volk dan nog nie volwasse is nie, moes die volk nie dan nou maar deur sy skrywers aan skoktaktiek onderwerp word, om hom tot volwassenheid te dring nie? Hoe anders sal die "*geestelik volwasse volk*" wat in 1957 as ideaal gestel is, dan sy beslag kry?

Intussen het Brink hom gevestig as een van die leidende figure in die Sestiger-beweging en het hy in baie van sy werke die sosiale gewete van die samelewing direk aangespreek, veral wat betref die apartheidsbestel. Van sy bekendste, en dikwels terselfdertyd omstrede werke was *Lobola vir die lewe* (1962), *Die Ambassadeur* (1965), *Kennis van die aand* (1973), *'n Oomblik in die wind* (1975), *Gerugte van reën* (1978), *'n Droë wit seisoen* (1979) en *Houd-den-Bek* (1982). *Kennis van die aand* is in 1974 deur die destydse sensuurliggaam vir 'n tyd lank verbied.




Afbeeldinge van sommige van sy boeke (omslae)

'n Kenmerk van Brink se boeke is dat dit dikwels 'n sterk historiese komponent bevat. Afgesien van sterk standpunte en gevoelens oor die samestelling en praktyke van die Suid-Afrikaanse samelewing op sigself, skemer daar in hierdie aanslag van hom 'n sterk historiese besef deur, wat terug te voer is na sy studie van die geskiedenis op die PUK, as een van sy drie BA-hoofvakke, en wat heenwys na professor DW ("Daantjie Donder") Krüger.

In 1974, in 'n persoonlike brief aan sy eertydse professor en wat van innige geesgenootskap getuig, het Brink hierdie tendens – die inkorporering van die historiese komponent in sy werke – só verwoord: "Vir die volgende een [boek] wil ek weer in ons eie geskiedenis teruggaan, hier tussen die Kaapse reisigers van die 18de eeu in. Ek kan maar nie wegbly van die geskiedenis nie! Dis tog onmoontlik, na die liefde wat u daarvoor in my help wek het. In die gees sal ek altyd aan u voete bly sit."

Groot hulde, van 'n groot gees aan 'n groot gees, 'n legende teenoor 'n legende. Brink het byvoorbeeld ook 'n baie hoë dunk gehad van Krüger se Engelse vertaling van NP van Wyk Louw se beroemde gedig "Die Hond van God".

Na publikasie van verskeie historiese romans, verskyn *Inteendeel* in 1993, wat "seker die mees radikale vernuwing" in sy lang loopbaan as skrywer verteenwoordig: "Komies, vindingryk, buitensporig, gewelddadig, nadenkend, romanties, roekeloos, speels, doodernstig. Dit alles is dié pikareske roman oor 'n skelm, 'n verontregte, 'n man wat kans sien om *Inteendeel* te sê vir alles wat 'n mens se menslikheid bedreig." (Stofomslag)

In die "Nuwe" Suid-Afrika, sedert 1994, het Brink steeds sy rol as gewete behou. In *Duiwelskloof* (1998) waarsku hy dat demokrasie maklik in outokrasie kan ontaard terwyl *Reinventing a Continent* kort hierna gerig is teen korrupsie in die nuwe ANC-bedeling.

André Brink se potensiaal wat *Die Wapad* in 1957 raakgesien het, het dus spoedig en volgehoue tot ontluiking gekom en van hom 'n fenomeen in die Afrikaanse letterkunde gemaak wat spog met 'n indrukwekkende publikasielys van boeke en wetenskaplike artikels in Afrikaans en Engels. Baie van sy werke is vertaal en Brink se stem het in nie minder nie as dertig tale sy boodskappe wêreldwyd uitgedra. Daarbenewens het hy tientalle ereposisies aan buitelandse instellinge beklee en het talryke eretoekennings, plaaslik en internasionaal, op sy kerfstok.

# 2.14 Johan Claassen

## " 'n SIERAAD VIR ONS VOETBAL!"



Johan Claassen

**"Hy is 'n sieraad vir ons voetbal en die rekords wat hy hou, strek nie alleen hom tot eer nie, maar ook ons nasionale spel as 'n geheel. Hy sal voortleef as een van die groot helde in ons roemryke prestasies."**

Só het dr Danie Craven, wêreldberoemde rugbyadministrateur en Suid-Afrika se rugbybaas vir baie dekades lank in 1962 van Johan Claassen getuig, toe hierdie liggaamlik en figuurlik groot rugbyspeler aan die einde van die 1962-seisoen sy stewels opgehang het. Elf jaar tevore, in 1952, het Johan die PUK se Theos gehelp om as kampioenspan van Wes-Transvaal gekroon te word. In sy latere loopbaan sou hy as rugbyadministrateur en sportbaas weer diep spore op die PUK trap.

Hoewel hy reeds sedert 1951 gereeld aan Springbokproefwedstryde deelgeneem het, het die eer om die groen en goud-trui oor sy kop te trek, hom eers in 1955 te beurt geval teen 'n skitterende span van die Britse Leeus. Sy bestendige, harde spel in hierdie reeks en nog 'n proefreeks in 1956 het hom plek besorg in die span wat in 1956 in "die toetsreeks van die eeu" op Nieu-Seelandse bodem teen die magtige All Blacks vasgeval en daarmee die wêreld se rugbykroon afgestaan het. Claassen self het met groot eer uit die stryd getree en is algemeen erken as die wêreld se beste lynstaanspesialis.

Reeds op hierdie stadium was hy as speler 'n legende. Aan die einde van die 1956-toer het Nieu-Seelanders hom as een van die vyf spelers van die reeks aangewys. Die beroemde Don Clarke, wat in dié reeks die Bokke met sy skopskoen gekelder het, het by sy uittrede vir Claassen in sy beste wêreldspan opgeneem. Die legendariese All Black slot Colin Meads het hom en die Walliese slot Rhys Williams later as die beste slotvoorspeler-opponente uitgesonder: "Now Rhys Williams, the Welsh Lion, and Johan Claassen of South Africa, won ball, scrummaged strongly and hit rucks like rams. Too many, in comparison, have won ball, leaned in scrums and hit rucks like lambs. Williams and Claassen … two of the greatest …"

In 1958 val die hoogste eer in Springbokrugby hom te beurt en lei hy die Bokke teen die Franse Hane op die veld. "Rampspoed" is egter hul lot, met een toets gelykop en een verloor. Trou aan die spel moes Claassen die blaam dra vir wat deur 'n sportskrywer beskryf is as 'n "misrabele affêre" en het die genadelose kapteinsvalbyl Johan se kapteinskop geëis. Die volgende paar reekse behou hy deurlopend sy plek in die middel van die Springbokskrum, maar die kapteinskap wissel verskeie kere voordat hy weer in 1961 teen die Iere en die Wallabies die eer het om voor te draf. In 1962 vier hy sy swanesang in die groen trui deur die Bokke tot 'n 3-1 reeksoorwinning oor die Britse Leeus aan te voer. In sy laaste toets, op Bloemfontein, druk hy 'n drie en wen die Bokke met 34-14.

Claassen het altesaam 28 toetse vir Suid-Afrika gespeel, waarvan nege as kaptein. Na sy speeldae dien hy vir baie jare lank as nasionale keurder, as afrigter (met 17 toetse gewen, ses verloor en drie gelykop) en as bestuurder van die Springbokspan op die veelbesproke 'betoger-toer" na Nieu-Seeland in 1981. Hierna dien hy ook vir baie jare lank in verskeie ander hoedanighede in die bestuur van Suid-Afrikaanse rugby en was hy ook vanaf 1976 tot 1997 president van die Wes-Transvaalse Rugby-Unie.



Bul-slotte Colin Meads en Johan Claassen het mekaar in 1956 op die rugbyveld ontmoet.

Sy opregtheid, durf, eerlikheid en betroubaarheid het hoë erkenning in rugbykringe op en af van die veld ontlok, onder meer van dr Danie Craven in sy seleksie van Springbok-legendes, en hy is geëer as 'n man sonder bedrog.


Vanaf 1972 is hy as dosent en later professor verbonde aan die Fakulteit Opvoedkunde van die PUK en vanaf 1979 tot 1989 tree hy op as President en Uitvoerende Voorsitter van die PUK se Sportburo.

Die hoogtepunt van Claassen se PUK-loopbaan was sekerlik die skitterende oorwinning van die Pukke oor Tukkies (23-20) in die eindstryd om die Ted Sceales-trofee op 29 September 1973. Onder die opskrif "Mooi so, Johan!" en saam met die foto waarop hy skouerhoog op die veld rondgedra word, skryf die *PU-Kaner:* "Die Pukke het nou wel nie 'n Danie Craven nie, maar hulle het 'n Johan Claassen. Daar is 'n algemene gevoel van dankbaarheid jeens dié rugbyheld vir sy groot aandeel in die afrigting van die Pukke se eerste rugbyspan ..."

'n Gepaste slotwoord, weer uit die mond van een van die grootste persoonlikhede in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, dr Danie Craven: "Ek kan onomwonde sê hy is 'n baie beskeie dog ernstige persoon wat altyd 'n voorbeeld is vir enige mens op of af van die veld. As speler het ons nog nie en as mens vergelyk hy met die beste wat ons gehad het. Hiermee bedoel ek sy gedrag, voorbeeld en maniere."

### Meads se hulde


***Sy biograaf, Alex Veysey, skryf onder meer dat Meads, op daardie tydstip nog nie 'n All Black nie, tydens die 1956 Springboktoer vir sy provinsie teen "the greatest lock he has ever opposed – that magnificent man Johan Claassen", te staan gekom het. Claassen, wat volgens Veysey nie juis bedeel was met 'n humorsin nie, sou later gesê het: "Do I know young Meads? I've got a bent nose to prove it." Hy het sy gebreekte neus in die genoemde wedstryd opgedoen, en moes in die toets kort hierna met 'n massiewe neusskerm speel. Meads onthou Claassen ook vir die bekwame wyse waarop hy die Springbokke voorberei het vir hul reeksoorwinning oor die All Blacks in 1970.***



Claassen word skouerhoog afgedra na sy laaste toets, 'n oorwinning van 34-14 oor die Britse Leeus in Bloemfontein, 1962.

# 2.15 Hans van Zyl

## PUK SE EIE 'KOOS MEYER' !



Hans van Zyl


**Die Universiteit se eie lewende legende, die Puk se eie Koos Meyer.**

**Só is daar in 1994 na Hans van Zyl verwys en is hierdie aanspraak gestut deur die sage van sy kaping as rasieleier in 1961 aan die vergetelheid te ontruk. [Kyk 1.6.6] In 'n huldeblyk by sy afsterwe in Oktober 2000 het prof Willem Scott, wat kort hierna selfs onverwags oorlede is, sy legendariese status verder uitgespel: vier jaar student, vyf jaar lank dirigent tydens intervarsities, veertig jaar lank personeellid van die PUK, vier-en-veertig jaar lank in een of ander hoedanigheid diens aan PUK-rugby, vir meer as dertig jaar lank sportskrywer vir die PUK en Wes-Transvaal.**

Hierdie vaal, skraal Kalahari-seun uit Vryburg se wêreld het oor baie dekades heen 'n eie, besondere stempel op die studente- en sosiale lewe aan die PUK geplaas. Heel gou nadat hy in 1956 as eerstejaar aan die PUK ingeskryf het, het hy met sy joviale persoonlikheid die aandag op hom gevestig en sou hy weldra betrek word om in verskeie studenteliggame te dien.

Sommer vroeg-vroeg het dit geblyk dat hy veral 'n man vir rugby was. Nie waffers uitstaande nie, het hy tog 'n soort spel gespeel wat hom 'n waardevolle alsydige speler gemaak het wat selfs by geleentheid vir die eerste span uitgedraf het. Maar hy het gou sy slag gewys in die administrasie van die spel en het veral as sekretaris van die rugbyklub (en later van die PUK Rugbyondersteunersklub) diep spore getrap en waardevolle insette gegee. Sy betrokkenheid by en diens aan PUK-rugby, sê prof Scott, sal deur alle rugbyspelers van sy tyd onthou word.

Hans in aksie tydens 'n uitkenningsparade.



Hans se ywer vir PUK-rugby word nêrens beter getoon as in sy boek *PUK-RUGBY: 1906-1989* nie. In 'n voorwoord daartoe vertel prof Scott só daarvan: "Lank reeds het hy met presiesheid statistiek bygehou, briewe aan oud-spelers geskryf om hulle herinneringe op te teken, onderhoude gevoer, rondgereis om mense te sien en dokumente te versamel. Hy het derduisende verslae oor PUK-wedstryde en tientalle intervarsities geskryf, baie wedstrydprogramme saamgestel en oor sy tydperk van betrokkenheid, meer Puk-wedstryde gesien en toere meegemaak as enige ander PUK.



Hans as bestuuder van die PUK-rugbytoerspan 1962 - in sy element (meestal as middelpunt) tussen sommige van sy “duisend vriende”.

Hans het ook diep spore in plaaslike provinsiale rugbykringe nagelaat. Hy het vir baie jare lank as penningmeester op die bestuur van die Wes-Transvaalse Rugby-unie gedien, was vir ewe baie jare hul amptelike programsamesteller en het vir ongeveer dertig jaar lank vir die plaaslike koerant en nasionale media (koerante en radio) rugby- en ander sportverslae verskaf. Hans het egter nooit formele joernalistieke opleiding gehad nie, het dit bloot net as stokperdjie bedryf: “Ek kyk van buite-af daarna”, het hy vir Niekie van der Berg vertel: “Jy weet, sport is deel van die lewe self en as jy daaroor skryf raak jy onvermydelik evaluerend, waarderend en selfs emosioneel daarby betrokke.” Enigeen wat Hans se joernalistieke produkte ken, sal weet wat Hans bedoel het. Vir hierdie dienste het hy erekleure van sowel die WTRU as die provinsiale atletiekunie ontvang.

Saam met Piet van der Schyff was Hans ook outeur van die gedenkboek *Mielieboersage : Wes-Transvaal Rugby 75 (1920-1995)*, wat deur die gesoute kenner en veteraan-rugbyskrywer Quintus van Rooyen as een van die beste boeke van sy soort bestempel is.

Hans, inwoner van Heimat-koshuis, het van meet af aan hart en siel in die studentelewe opgegaan. Soos hy dit self stel: “Komende uit die Kalahari was dit vir my ‘n geheel en al nuwe ervaring, veral die dinamiese studentelewe en die lewendige koshuisaktiwiteite. Ons het baie gesonde pret gehad en dit is steeds ‘n raaisel dat ons ook aan die akademiese eise voldoen het. ‘n Student is mos iemand wat wel akademies dink, meganies doen, outomaties beweeg maar prakties net pret wil hê.” En het Hans en sy vriende, onder meer Toy Dannhauser en Bok Fourie, nie pret gehad nie! Verhale oor hierdie paar musketiers se ondeundhede en jolighede, waaraan elders aandag gegee word, is legio. Hier net twee daarvan:


Die een storie is in die PU-Kaner opgeteken: “Hans en Toy – soos vinkel en koljander. Hans die skraletjie, en die grote Toy. Twee name wat eerstejaars laat ril het, want as jy dié name nie geken het nie, was daar pêre! Hulle was kamermaats in Heimat ... Toy se lus vir fliek het gereeld in bloktyd soos masels uitgeslaan. Eers nooi hy Hans vriendelik uit om saam te gaan, maar Hans sê hulle moet leer. Toy besluit dit is nonsens, gryp Hans aan die voete en hang hom van die balkon af!”



Hans as rasieleier.

Hans vertel ook in ‘n radio-onderhoud aan Niekie van der Berg: “Dieselfde Toy het saans wanneer hy nie vir swot lus was nie ‘n boek voor sy oop kamervenster geplaas. Wanneer hy teruggekom het, het hy altyd gaan kyk hoeveel blaaie die wind omgeblaai het en dan trots gesê, terwyl hy homself op die skouer klop:




Omslae van Hans se twee boeke oor rugby.

'Mooi geswot Toytjie!' "

Naas Hans die rugbyman, was daar Hans die grapmaker en grapverteller. Daardie kuns en vermoeë wat van hom 'n rasieleier sonder weerga en later 'n seremoniemeester in sy eie klas gemaak het. Hans was vanaf 1959 tot 1963 elke jaar, eers as onder-rasieleier en later as leier, op die voorpunt van die geesvang-aksies wat met intervarsities gepaard gaan. Hy was 'n meester in eie klas en het nie net sy studentemakkers tot byna-raserny gedryf nie, maar ook die gewone toeskouers by sulke wedstryde laat lê van die lag.

Hans het ook die "onderskeiding" dat hy een van die min rasieleiers is wat as deel van die intervarsity-voorskou deur die opponente (die Kovsies) gekaap en na Bloemfontein "ontvoer" is. Daardie storie word elders in hierdie publikasie vertel.

Hoewel dit vir Hans baie moeilik was om hom van die "student-wees"-fase los te maak en hy telkens in later jare vóór intervarsities moes help met die geesvangery tydens "sing-songs", het hy hierdie talent van hom begin uitleef deur as seremoniemeester by allerlei geleenthede op te tree. Volgens prof Scott was hy vir die studente net so belangrik soos die rektor, en kan sy jarelange bydraes tydens "Groot Brag"-aande, sportdinees en ander Puk-funksies op geen universiteit herhaal word nie.

In die jare toe die PUK en die Bult nog fiets-"georiënteerd" was, was Hans op "Ou Dikwiel" 'n baie algemene gesig. Hans het hierdie fiets reeds in standerd 8 gekry en dit was vir 33 jaar lank sy enigste en later, toe hy reeds 'n motor besit het, steeds sy vernaamste vervoermiddel op die kampus. **[Kyk 1.7.8]**

Na sy studenteloopbaan het Hans verskeie poste in die administratiewe afdeling van die PUK beklee. Vanaf 1966 is hy sekretaris van die pasgestigte Sportinstituut. In die sewentigerjare skuif Hans oor na die finansiële afdeling waar hy vorder tot hoof van die departement rekenkundige administrasie. In 1979 word hy eerste direkteur van die nuwe Hennie Bingle Studentesentrum. Na die bekleding van verskeie ander poste tree hy in 1998 uit as hoof: tegniese administrasie in die departement Tegniese Dienste. "Hans se werk", sê prof Scott, "dra onmisbaar sy stempel van styl, deeglikheid en 'n persoonlike betrokkenheid" – 'n uitspraak wat net so goed op Hans se veelvuldige ander werksaamhede, veral sy joernalistieke bydraes en skryfwerk, van toepassing gemaak kan word.

Wat merk- en bewonderingswaardig was van Hans van Zyl is die feit dat hy so 'n magdom joernalistieke take verrig en in die proses feitlik ontelbare sentimeters teks vir 'n groot verskeidenheid koerante, tydskrifte, programme en gedenkprogramme, nuusbriewe en boeke gelewer het – maar sonder formele joernalistieke opleiding! Die geheim van sy sukses lê waarskynlik opgesluit in belangstelling en betrokkenheid – maar ook pligsbesef en die wete dat dit ook om den brode gegaan het. Diegene wat in hierdie opsig na aan Hans gestaan het, kan getuig dat hy in hierdie opsig finansieel nie altyd reg waardeer is nie. Maar tipies Hans het hy nie juis gekla nie en maar voortgegaan om "vir die saak" op te offer. Daarvoor moet 'n mens *post mortem* hoed afhaal en hom salueer.

'n Minder bekende faset van Hans se lewe was sy betrokkenheid by die Potchefstroom Mannekoor, heeltemal 'n ander wêreld as dié van wat as die eintlike domein van die manne beskou word, dáár tussen sy "duisend rugbyvriende". Maar ook hier het Hans sy gewig ten volle ingegooi, hom hart en siel gegee vir die bevordering en heil van sang as uiting van die mens



Hans as direkteur van die nuwe Studentesentrum.

se diepste emosies. Daarvan getuig onder meer die nuusbriewe wat hy, as reklameman deeglik gesout in hierdie manier om 'n saak te bevorder, periodiek die lig laat sien het.

Voorsitter Peet van Schalkwyk bevestig die algemeen erkende feit dat Hans se puik sekretarisskap baie tot die sukses van die koor bygedra het. Hy onthou ook hoe gevat Hans kon wees, vinnig op sy voete kon dink: "Toe ek effens laat een Vrydagaand by die Konservatorium opdaag met ons eerste CD-opname, het Hans se redelik afgeleefde rooi Pulsar se parkeerligte gebrand. Binne kondig ek aan dat hier buite staan 'n rooi Porsche – registrasienommer so en so – en sy ligte brand. Almal kyk na Hans toe hulle besef met wie ek spot; hy staan effens ongemaklik rond en sê toe selfvoldaan: "Die ligte gaan vanself na 'n rukkie af!"

"By geleentheid het die Mannekoor saam met Boys High se seuns geoefen voor 'n gesamentlike optrede. Daar was opmerklik baie swart seuns in die groep. Ek maak toe saggies die polities nie-korrekte opmerking teenoor Hans dat Boys High sy naam reg gekies het. Hans was vinnig met: "Volkies ook!"

"Maar Hans se ou velletjie was ook maar baie dun. By meer as een geleentheid het iemand in die koor hom aanstoot gegee en dan het hy sy bedanking by my kom inhandig. Dit het dan baie mooipraat gekos om hom te oortuig dat die koor hom nodig het maar hy ook die koor."


'n Slotwoord oor Hans, van prof Scott: "Ons wat saam met hom gewerk het en sy vriende was, sal hom onthou as 'n lojale vriend en vir sy groot bydrae tot die PUK se bestuur en bedryf. Ons sal hom ook onthou as 'n nederige man … as 'n man wie se geloof deur vuur gelouter was – en sterker as baie van ons daardeur gegaan het. Die studente sal hom onthou vir sy humor en geestigheid en iemand wat kon geesvang en inspireer."

In 'n radio-onderhoud met Niekie van der Berg, in 1992, het Hans só teruggekyk oor sy jare aan die PUK: "Dit was vol jare, nou amper veertig jaar. Die herinnerings is te veel om op te noem, maar genoeg om te sê, dat dit 'n verrykende verbintenis was. Ek het baie lewenslange vriende gemaak. Daar is 'n groot waarheid in die spreekwoord dat 'n rugbyman 'n duisend vriende vir altyd het."

**Hans hét duisend vriende gehad. Om een te kon wees, vir meer as veertig jaar lank, was 'n besondere belewenis …**

# 2.16 "Toy" Dannhauser

## PUK SE EIE " DON CLARKE"



"Toy" Dannhauser

**In 'n tyd toe die reuseheelagter van die All Blacks vrees en bewing by Springbokspanne ingeboesem en hulle moedeloos geskop het, het Potchefstroom en die PUK die opkoms van hul "eie Don Clarke" beleef. In die persoon van Cornelis Claassen (oftewel "Toy") Dannhauser. Reeds vanaf die middel-vyftigerjare het hierdie jong reus rugby-entoesiaste laat kreun van óf lekkerkry óf nie-lekker-kry-nie (afhangende of hy vir of teen jou span sou speel) met sy reuse lyn- maar veral stelskoppe pale-toe. Hy het sommer maklik die bal vanaf sy eie tientreëlyn deur die pale geklits – en onthou, destydse balle was darem nie vandag se speelgoed nie!**

Maar een keer – en "Toy" en sy medespelers sal dié dag so nooit as te nimmer vergeet nie – het "Toy" sy eie ondersteuners erg laat kreun van nie-lekker-kry-nie: dié dag in 1956 dáár op Ellispark, toe hy die strafskop direk voor die pale moes oorskop om vir Potchefstroom Gimnasium die gesogte Administrateursbeker vir die eerste keer in sy geskiedenis te laat wen. Maar so waar as parra manel dra, hy gaan staan en skop die ding mis!

Ses-en-veertig jaar later, in 2003, roep "Toy" dié skop in herinnering, op die gewilde TV-program "Maak 'n Las". Deur spelenderwys programleier Ollie Viljoen, wat daardie besondere dag Vereeniging Hoërskool se skrumskakel was, heuning om die mond te smeer deur voor te gee dat Ollie, terwyl een van sy spanmaats vreeslik voorgee dat hy beseer is en "Toy" sy skop moes vertraag, hom vinnig in die oor kom fluister het: "Luister ou Toytjie, as jy nou mis skop sal ek sorg dat jy eendag op 'Maak 'n Las' kom"!

"Toy" Dannhauser was seker ook die eerste – en enigste – persoon wat 'n suiwer "rugbygraad" ontvang het. Nogal tydens 'n heel plegtige seremonie, kompleet met "akademiese prosessie" en al!

"Toy" in aksie op Olenpark, Intervarsity 1959.



Hierdie besondere toekenning het 'n lang agtergrond. Beginnende dáár in Ventersdorp se wêreld, toe die groot skoolseun vanuit die heelagterposisie in die plaaslike skoolspan al naam begin maak het met sy reuseskoppe. Vir die provinsiale skolespan speel hy in 1955 heelagter maar ook senter – en met die aandag wat hy trek, kry sy tingerige sentermaat die uwe kans om deur gapings te glip. In 1956 help hy Potchefstroom Gimnasium tot in die eindronde teen Vereeniging Hoër – en skop toe daardie skop mis!

Vanaf 1957 is Toy 'n PUK en beproef hy agtereenvolgens die kursusse BA, BCom en BSc – maar vind skynbaar nie aanklank by een daarvan nie. Hy "kompenseer" daarvoor in die koshuislewe en op die rugbyveld, waar sy "talente" en "belangstellings" tot volle ontluiking kom. Die geykte uitdrukking van 'n legende in eie tyd te wees, is beslis wel op "Toy" van toepassing.

"Toy" speel aanvanklik steeds heelagter, maar skuif in 1960 na slot, met uitstekende resultate. Hoewel, wat lengte en gewig betref, nie heeltemal in die klas van die klassieke slotte van die tyd nie, is sy spel so vol vuur en durf en takt dat hy oral agting afdwing. En steeds is daar sy skopskoen pale-toe, wat opponente huiwerig maak om selfs binne hulle eie halfgebied te oortree.

In 1960, toe "Toy" die Pukke aangevoer het, was hy 'n tyd lank buite aksie vanweë 'n gebreekte been. In die herstelfase het hy soms as vlagman opgetree – en op toer, teen Rhodes op Grahamstad, 'n strafskop teen sy span "verdien" weens luidrugtige kritiek teen die skeidsregter ("sideline-chatting"?)!

Nie juis lus om ander, vreemde kursusse te beproef nie, het "Toy" hom hierna op die plaas naby Koster gaan vestig en vandaar vir Wes-Rand (Krugersdorp) rugby gespeel. Vanaf 1964 tot 1969 trek hy die Rooibonttrui vyftig keer oor sy kop en blyk sy leierstalent op die veld deurdat hy Transvaal in 1968 en 1969 aanvoer. 'n Hoogtepunt was sy span se oorwinning van 14-6 oor die Britse Leeus van 1968. Oud-Pukke Johan van der Schyff (onderkaptein) en Piet Bosman en latere Puk Dirk de Vos deel in hierdie prestasie.

Vanaf die begin-sewentigerjare speel "Toy" vir Natal, Noord-Natal en die Natalse platteland, en is hy kaptein van die Paul Roos SA Plattelandse span teen die All Blacks. Met basis Vryheid in Noord-Natal, het "Toy" een en soms twee keer per week 700 kilometers per aand afgery net om te gaan oefen! Toe



*Agter: D. Skewis, J. Badenhorst, T. du Toit, C. Els en R. Barnard. Middel: D. de Vos, P. Bosman, C. Maartens, K. Dreyer, A. Strydom, J. Nortje en H. Nell. Voor: J. le Roux (president), J. Barnard, J. van der Schyff, T. Dannhauser (kaptein), S. Nomis, G. van Rooyen (keurder).*

TRANSVAAL RUGBYSPAN 1968, met Toy as kaptein. Weerskante van Johan van der Schyff en Toy (in die voorste ry) sit Springbokke Jannie Barnard en Syd Nomis. Links en tweede van links in die tweede ry staan Dirk de Vos en Piet Bosman.

die Pukke in die sewentigerjare daar getoer het en 'n speler kortgekom het, het "Toy" uitgehelp – vyftien jaar nadat hy laas die Puktrui gedra het!

In baie kringe destyds is "Toy" ongelukkig geag dat hy nie Springbokkleure verwerf het nie. Hy het wel vir 'n hele reeks verteenwoordigende spanne gespeel en was onder meer 'n gewilde kaptein van die Transvaalse uitnodigingspan, die Kwaggas. Hy het ook die Paul Roos SA Plattelandse span in 1970 teen die All Blacks aangevoer.

Terug by die "gradeplegtigheid" van 13 Augustus 1993.

Mediamanne Willie Louw en Hans van Zyl (laasgenoemde was natuurlik die breinkrag agter die toekenning en die hele seremonie) het daaroor verslag gedoen.

Die volle benaming van die graad was *Baccalaureus Excellenti Rugbiae (Cum Laude)* en die *Rugbykongregasie* is saamgestel uit lede van 'n bruisend opgewekte Puk-Rugbyondersteunersklub wat in die André Markgraaff-lokaal van die klubhuis byeen was. Die grond vir die toekenning is gevind in die leerstuk van ene *Expertus,* aangehaal uit *Veritas Vincet* wat lui: "In leer nie alleen nie, maar in speel is ook ons eer".

'n Aantal 'hoogtepunte" uit sy "CV" is vervolgens deur "Rugby-registrateur" Hans van Zyl aan die gehoor voorgehou:

- As student in die Regte was hy 'n werksesel wat wakkerblypille gedrink het om saans tot agtuur met sy studies deur te druk;
- Hy het unieke studiemetodes gebruik, onder meer om saans wanneer hy uitgaan, sy handboeke oop voor die venster in sy koshuiskamer te laat. As hy terugkom en die wind het die blaaie "aangeblaai", het hy homself op die skouer geklop met "Mooi so, Toytjie!"
- Een van sy kursusse was Latyn-ongesiens, wat hy met 'n donkerbril gaan skryf het;
- Hy het elke jaar ge-"cum" … ge-"cum back";
- In die koshuis het hy tant Poppie en Ma Genade se kos geëet … en bly lewe!
- Op die rugbyveld was hy 'n voorbeeldige sportman wat nooit eerste teruggeslaan het nie, en
- Sy brein was die duurste en waardevolste op die PUK, omdat dit so min gebruik is.

"Rugby-kanselier" Daan van Wyk het hierna die suksesvolle kandidaat met 'n rugbybal op die kop getik. Tot groot plesier van die aanwesige ou strydrosse het "Toy" hierna gepas geantwoord "in sy hoedanigheid as 'Alumnus'."

"Toy" was en is natuurlik 'n platjie van die eerste water, daarvan kan sy duisende rugbyvriende oor baie dekades en selfs almal wat vandag nog met hom te doen het, getuig. Rondom homself, Hans van Zyl, Bok Fourie en ook Piet Bosman het daar 'n legio staaltjies op die PUK-kampus beslag gekry, sommiges waarvan op verskeie plekke elders in hierdie publikasie opgeneem is. "Toy" glo vas dat hy en Bok van Hans 'n goeie dirigent en seremoniemeester gemaak het, want hulle het hom verplig om te dirigeer wanneer hulle in die badkamer in

adamsgewaad onder die storte gesing het!

“Toy” herinner hom ook hoedat hy wyle Hans, sy kamermaat in Heimat – “hy was ‘n moerse ou” – op ‘n keer pas toe die etensklok lui, op die bed vasgebind het en toe doodluiters eetsaal toe is. Vandaar het hy en al die ander Heimatters Hans se vergeefse hulpkrete duidelik gehoor!

**Die naam “Toy”, vanwaar dan? Hy lag ongemaklik en vertel: Hy moes eintlik ‘n dogtertjie gewees het, toe is hy die vierde seun. En weeg boonop 12 pond en 10 onse (5.5 kg)! Sy ma was byna dood, en almal was jammer dis nie ‘n dogter nie. Hy was skynbaar ‘n mooi babatjie, toe sy ouma hom sien het hy vir haar soos ‘n speeldingetjie (“toy”) gelyk – en die naam het vasgeslaan!**





MET geboë hoof, geslote oë en 'n stroopsoet glimlag wag Toy Dannhauser terwyl oom Piet Malan sy skouerband omhang.

*Toy kry toe sy rugbygraad*

DIE legendariese Toy Dannhauser, wat in die lente van sy rugbyloopbaan sy stewels weens hul ouderdom opgehang het, het Vrydag 13 Augustus 'n mylpaal met die verwerwing van die graad *BA Excellenti Rugbiae* bereik.

Die geleentheid was 'n buitengewone byeenkoms van die 'Puk-Rugbykongregasie' in die ondersteunersklubhuis. Vir dié oud-Puk-rugbykaptein van 1960 en gewese Heimatter was dié buitengewone 'gradeplegtigheid' 'n emosiebelaaide gebeurtenis. ☛ 28


REGS: Toy lei die Theos-span op die veld.

“Toy kry toe sy rugbygraad”.
Hans van Zyl lei die prosessie.

# 2.17 FW de Klerk

## PUK SE NOBEL VREDESPRYSWENNER (1993)

FW de Klerk



**"Wanneer ons in die lewe uitgaan om ons roeping te aanvaar en ons lewenstaak te volvoer, moet ons besef dat ons roeping dieper lê as slegs die beroep wat ons gekies het. Roeping en lewenstaak sluit ook in nakoming van plig teenoor ons land en volk. Op die godsdiensterrein en die volksterrein sal ons moet leiding gee! Om 'n goeie leier te wees, moet 'n mens kan praat, kan redeneer, kan oortuig."**

Hierdie opmerkinge, gedoen in die PUK se studentejaarblad van 1957, kan as vroegste "politieke geloofsbelydenis" van Frederik Willem de Klerk beskou word. Nadat hy afstudeer het, het hy vir 'n tyd lank die beroepslewe van regspraktisyn beoefen, maar sou weldra sy toetrede tot die politiek maak en toe dáár die geleentheid kry om sy bo-aangehaalde wekroep in dade om te sit. Daarvoor sou hy aan die einde van hierdie besondere loopbaan onder meer met die Nobel Vredesprys beloon word.

"FW", soos hy bekend staan, was die seun van mnr Jan de Klerk, wat in 1925 SR-voorsitter was en in sy latere lewe, na 'n lang politieke loopbaan, as kanselier van die PUK sou optree. Sy oupa was ds WJ de Klerk, eerste registrateur van die geproklameerde PUK vir Christelike Hoër Onderwys in 1919, wat daardie amp tot in 1927 sou beklee. Sy ouer broer is dr WJ ("Wimpie") de Klerk, wat self diep spore aan die PUK getrap het. **[Kyk 2]**



**Voor** (v.l.n.r.): F. W. de Klerk (Onder-Voors.); (mej.) C. van der Merwe; D. Postma (Voors.); (mej.) B. Chapman; F. J. du T. Lessing (Sekr.).
**Agter** (v.l.n.r.): H. J. D. van der Walt (Pgm.); C. J. H. Lessing; P. A. J. Brand; D. C. Coetsee; D. J. Putter; L. A. S. van Wyk (Org.).

Afrikaanse Studentebond (ASB) 1957.

As student het "FW" reeds leierseienskappe getoon, onder meer as ondervoorsitter van die Afrikaanse Studentebond (ASB) as SR-lid in 1957 en as ondervoorsitter van laasgenoemde liggaam in 1958. Met die Abe Bailey-beurs toer hy einde 1958 oorsee.

Hy vestig hom op Vereeniging en bou 'n prokureursfirma op. In 1972 tree hy tot die aktiewe politiek toe as Volksraadslid vir Vereeniging. In 1972 word hy 'n professoraat in die fakulteit Regte aan die PUK aangebied, maar toe hy later in die jaar tot Volksraadslid verkies word, het hy eerder aan die politieke roepstem gehoor gegee.

Oor hierdie belangrike besluit in sy loopbaan het sy eertydse vrou en studenteliefde, Marike (Willemse), vertel van die advies wat die destydse rektor, prof Hennie Bingle, gegee het: "Daar kan altyd baie akademici wees, maar as jou volk jou roep en jy dink jy kan aan daardie roepstem beantwoord, dan moet jy gaan."



FW en Marike verkoop "Pukkies".

Koerantberig oor De Klerk-broers

# Die jongman kan gou oor baie banke spring

**MNR. VORSTER het al in die openbaar gesê hy laat hom nie deur ou gebruike bind nie. Hy het — wat die bevordering van Volksraadslede betref — dan ook bewys dat talent en bekwaamheid by hom swaarder weeg as senioriteit.**

Dink maar aan Hendrik Schoeman, wat in 1966 LV geword het, uit die agterbank uitgehaal is om adjunk te word en nou Minister van Landbou is.

Die politieke profete voorspel dat nog 'n agterbanker vir groot dinge bestem is. Hulle het F. W. de Klerk, die jong Volksraadslid vir Vereeniging, in gedagte.



F. W. DE KLERK

### *Erkenning*

Sedert hy Blaar Coetzee opgevolg het, het dié regsgeleerde groot indruk gemaak. Sy nuwelingstoespraak het hom hoë lof van sy seniors besorg. In die loop van die sitting het hy gewys dat hy sy man selfs teen die VP se voorbankers kan staan.

S·· aanstelling as lid van die kommissie wat ondersoek moes instel na die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede was erkenning vir sy bekwaamheid.

Noudat die Minister van Justisie, mnr. Peet Pelser, sy uittrede aangekondig het, word algemeen verwag dat hy deur mnr. Jimmy Kruger opgevolg sal word. F. W. kan dalk net die paal as adjunk-minister haal.

### *Hoogleraar*

Hy sal die regte man vir die pos wees. Dit kan terselfdertyd ook tot aanmoediging vir ander talentvolle jong manne dien om tot die politiek toe te tree.

F. W. het natuurlik 'n aanstelling as hoogleraar in die regte aan die Potchefstroomse Universiteit van die hand gewys om L.V. te word.

Daar is talle ander jong Nasionaliste wat 'n waardevolle bydrae tot die politiek kan lewer. Hulle vaar egter só goed in hulle beroepe of sake-ondernemings, dat die vooruitsig om jarelank op die agter-, middel- en voorbanke te sit voordat hulle senior genoeg geag word vir bevordering, hulle afskrik.

Terloops, dit sal darem gaaf wees as oom Jimmie volle minister word. 'n Mens het al begin wonder of Pretoria dan nooit 'n man sal oplewer wat van Kabinetgehalte geag word nie.

---

DIE VADERLAND ★ WOENSDAG 19 April 1972

# *De Klerks word 'broederskap' aan die PU*

(Wes-Transvaalse Verteenwoordiger)

**POTCHEFSTROOM — Wanneer mnr. F. W. de Klerk, 'n Vereenigingse prokureur, aan die begin van volgende jaar as professor in publiekreg aan die Potchefstroomse Universiteit diens aanvaar, sluit hy nie alleen by sy broer aan nie, maar ook by 'n ,,broerskap" van professore.**

*Die universiteit het sommer 'n klomp broers wat hoogleraars, professore en dosente is, benewens 'n paar vader- en seun-professore.*



PROF. W. J. DE KLERK



MNR. F. W. DE KLERK

Mnr. De Klerk en sy enigste broer, prof. W. J. (Wimpie) de Klerk, wat hoof is van die departement interfakultêre wysbegeerte, is die seuns van sen. Jan de Klerk, die kanselier van die P.U.

Sen. De Klerk is die president van die Senaat. Hy het die B.A.-graad en die Onderwysdiploma aan die P.U. verwerf, waar hy ook later 'n ere-doktorsgraad ontvang het.

### Met lof

Mnr. F. W. de Klerk het die grade B.A. en L.B.L. (laasgenoemde met lof) aan hierdie universiteit behaal waar sy oupa, wyle ds. W. J. de Klerk, registrateur was. Hy wil weer studeer wanneer hy na Potchefstroom verhuis van Vereeniging af waar die gesin die afgelope tien jaar woon.

Sen. De Klerk en sy seun Wimpie was as studente voorsitters van die Studenteraad en na hulle was mnr. De Klerk onder-voorsitter.

Mnr. en mev. F. W. de Klerk het drie kinders. Sy vrou, Marike, het die B. Com-graad met lof geslaag en volg tans 'n onderwyskursus by Unisa.

### Ander

Mnr. De Klerk was tot in April 1970 voorsitter van die Landsraad van Junior Rapportryerskorpse. Hy is ook voorsittter van die afdelingsbestuur van die Nasionale Party op Vereeniging en dien in die Transvaalse Jeugkomitee. Hy was die afgelope naweek op Blyderivierspoort tydens die besonder geslaagde saamtrek van jong Nasionaliste.

Hy is sameroeper vir een van die agt streke in Transvaal wat daar benoem is. Mnr. De Klerk was ook bestuurslid van die Afrikaanse Sakekamer op Vereeniging. Hy is ouderling in die gemeente Vereeniging-Oos van die Gereformeerde kerk.

Onder die ander broers wat professore aan die P.U. is, is prof. J. A. van Eeden, dekaan van die fakulteit Natuurwetenskappe en hoof van die departement dierkunde, en prof. D. van Eeden, hoof van die departement mikrobiologie en higiëne.

Die dekaan van die fakulteit teologie en direkteur van die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme, is prof. S. C. W. Duvenage, en sy jonger broer, prof. B. Duvenage, is professor in interfakultêre wysbegeerte.

Dan is daar ook drie broers wat dosente is — prof. J. Dekker, professor in chemie; dr. J. J. Dekker, senior lektor in die departement farmakologie en dr. T. G. Dekker, tans lektor in die chemie, wat van volgende jaar af tot senior lektor bevorder word en na die departement farmaseutika oorgeplaas word.

Prof. S. Postma, hoof van die departement Romeinse Reg, is die seun van prof. A. Postma, emeritus-professor in Grieks en nou tydelike senior lektor.

Emeritus-prof. H. G. Stoker, wat verlede jaar 'n ere-doktors-graad in die wysbegeerte ontvang het, is die vader van prof. H. Stoker, hoof van die departement fisika.



Eregraadtoekenning 1990.

In 1978 word hy deur destydse premier John Vorster in die kabinet aangestel en beklee hy 'n verskeidenheid portefeuljes voordat hy in 1989 eers as hoofleier van die regerende Nasionale Party aangewys en kort hierna tot die hoogste amp in die Suid-Afrikaanse politiek, dié van Staatspresident, verkies word. Hy inisieer die grondwetlike transformasie van Suid-Afrika wat uitloop op die eerste universeel demokratiese verkiesing in April 1994. As deel van die politieke skikking beklee hy van toe af die pos van adjunk-president in 'n Regering van Nasionale Eenheid, totdat hy en sy party hulle in 1996 van dié meganisme onttrek. 'n Jaar later tree hy uit die aktiewe politiek.

De Klerk het verskeie toekennings ontvang vir sy inisiatiewe wat die nuwe bedeling in Suid-Afrika bewerkstellig het, waaronder die belangrikste die Nobel Vredesprys (saam met president Mandela) in Desember 1993. Hy was ook vir 'n tyd lank kanselier van die PUK en het in 1990 'n eredoktorsgraad van sy Alma Mater ontvang.



In die jagveld.

# *Kanselier kry Nobelprys vir sy rol as* VREDEMAKER

MET die ontvangs van vanjaar se Nobelprys vir Vrede het dr. FW de Klerk as oud-student en Kanselier 'n uitsonderlike eer vir die Universiteit verwerf.

Die prys van R2,8 miljoen, 'n goue medalje en Nobel-sertifikaat is gesamentlik aan dr. De Klerk en mnr. Nelson Mandela toegeken en op 10 Desember 1993 in Oslo aan hulle oorhandig.

Hulle is die derde en vierde Suid-Afrikaners wat dié gesogte vredestoekenning sedert die instelling daarvan in 1901 ontvang. Dr. De Klerk is die eerste blanke Suid-Afrikaner wat die prys vir Vrede ontvang.

Die Noorse Nobelkomitee het gesê die twee Suid-Afrikaners ontvang dit vir "die moed en integriteit wat hulle aan die dag lê deur na die toekoms van versoening te kyk, eerder as die diep wonde van die verlede.

"Die twee se politieke verlede het standpunte ingesluit wat gekritiseer kan word as 'n mens na die reëls vir die toekenning van die prys kyk. Hulle is (egter) politici in 'n verwikkelde werklikheid en dit is die omvattende prentjie wat beslissend was, saam met dít wat hulle onlangs bereik het."

Dr. De Klerk het in 1957 die BA-graad en in 1959 die LLB aan die Puk verwerf en in 1990 is die graad LLD (honoris causa) aan hom toegeken. Hy is sedert 1992 Kanselier van die Universiteit.

Behalwe vir sy persoonlike verbintenis met die Universiteit, kom dr. De Klerk uit 'n familie wat besondere noue bande met die Puk het. Sy grootvader, ds. WJ de Klerk, was die eerste Registrateur van die destydse PUK en daarna voorsitter van die Raad.

Sy vader, senator Jan de Klerk, was Kanselier van die Universiteit. In 1972 het die Universiteit 'n professoraat aan dr. De Klerk aangebied, maar hy is as Volksraadslid vir Vereeniging verkies voor hy dit formeel kon aanneem. Dr. De Klerk was ook lid van die Raad van die Universiteit.

